

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



PERSONE EN GEDAGTES UIT DIE BYBEL

'n Reeks boeke tot beter begrip van die Heilige Skrif

onder redaksie van

Prof. Dr. S. DU TOIT

Prof. Dr. J. H. KROEZE

Prof. W. J. SNYMAN

PROF. DR. J. H. KROEZE

Deel 3 — Prof. dr. J. H. Kroeze: Koning Hiskia

Koning Hiskia

TEOKRAAT EN REFORMATOR

PROF. DE. J. H. KROEZE

Inhoud

I Hiskia word koning	4
II Die vernuwing van die Verbond	5
III Die viering van die Pasga	9
IV Deurgaande reformatie	12
V Die chronologie van Hiskia.....	15
VI Die politiek in Hiskia se tyd	18
VII Die derde veldtog van Sanherib	21
VIII Die Bybelse verhak van die inval van Sanherib	24
IX Die voorafgaande gebeurtenisse	25
X Die versterking van Jerusalem	28
XI Die woorde van die rabsake.....	31
XII Die optrede van Jesaja	36
XIII Weer boodskappers na Hiskia.....	38
XIV Hiskia se gebed en verhooring.....	40
XV Die verlossing.....	43
XVI Die siekte van Hiskia	46
XVII Die lied van Hiskia	49
XVIII Die gesante van Merodag Baladan.....	51
XIX Teokraat en reformator	54

I. Hiskia word koning

// Konings 16:20.

"En Agas het ontslaap met sy vaders ... en sy seun Hiskia het in sy plek koning geword."

Met hierdie refrein begin die regering van Hiskia. Dit is 'n dikwels herhaalde gang van sake:

"Die koning is dood!"

"Die koning lewe!" Maar toe Hiskia koning geword het, was daar min rede vir feesgeroep. Agas het sy seun Hiskia 'n ontredderde erfenis nagelaat, sowel in politieke as religieuse opsig. Die koninkryk van Juda het sy selfstandigheid verloor deurdat Agas, uit gebrek aan vertroue en in totale gemis van teokratiese besef, die hulp van Assirië ingeroep het. Hy trek die koning van Assirië tegemoet na Damaskus en sien daar 'n altaar wat hy ook in Jerusalem wil hê. Sy priester, Uria, moet dit vir hom maak en die brandofferaltaar van die HERE moet daarvoor wyk.

As jong man en kroonprins het Hiskia dit alles gesien en — afgekeur!

Nou kom hy self op die troon. Sy planne is om die erediens van die HERE te herstel en die Assiriese juk af te skud.

Die naam van hierdie koning van Juda het in Hebreeus vier verskillende vorme. Ons sal hom in hierdie boek altyd *H i s k i a* noem, maar hier in die begin tog melding maak van die ander name. Die naam waarmee hy genoem word as hy vir die eerste keer in die Ou Testament vermeld word, nl. as opvolger van sy vader Agas, is, as ons die Hebreeuse letters naskryf: *C h i z q i j j a h o e*. So word hy genoem in die hoofstukke van Konings en van Jesaja wat aan hom gewy is. In sommige verse van II Kon. 18 word hierdie naam verkort tot *C h i z q i j j a h*. In Kronieke het die naam (meestal) 'n langere vorm: *J e c h i z q i j j a h o e* (ook II Kon. 20:10 en Jes. 1:1). Hierdie vorm van die naam word soms ook weer verkort tot *J e c h i z q i j j a h* (Hos. 1:1; Miga 1:1). Die bestanddele van hierdie naam is die begrip "sterk" en die godsnaam HERE. Die naam wat moontlik deur die moeder gegee is, beteken dus: "My sterkte is die HERE" of "Die HERE is sterk".

II. Die vernuwing van die Verbond

II Kronieke 29.

Die eerste daad van Hiskia as hy die troon van Jerusalem beklim, is om die erediens in die tempel te Jerusalem te herstel. Die boeke Konings maak ook melding van die reformatoriese optrede van Hiskia, dog baie kort, feitlik in een vers. (II Kon. 18:4) en alleen van die negatiewe kant: Hy het die hoogtes afgeskaf, die klippilare verbreek en die heilige boomstamme omgekap; verder die koper slang wat Moses gemaak het, Nehustan, stukkend gestamp. Die "hoogtes" was gedurende lange tyd in Israel wel toegelaat, veral voordat die tempel gereed was, as hulle maar gebruik is in die diens van die HERE. Hulle was egter meestal plekke van die Baälsdiens en kon daardeur gemaklik weer tot Baälsdiens verlei. Die klippilare (massaben) en heilige boomstamme (asjeera's) was egter suiwer Kanaänitiese simbole van die (manlike en vroulike) Baäls. Verder sien ons uit hierdie opsomming dat die koperslang wat Moses gemaak het nog steeds bestaan het en misbruik is as voorwerp van afgodiese verering.

Kronieke vertel die reformatoriese optrede van Hiskia baie breed, in drie hoofstukke (29, 30 en 31) en van die positiewe kant. Hy het die tempel gereinig, die paasfees gevier en die diens van die Leviete gereël. Hierdie verskil tussen die boeke Konings en Kronieke staan in verband met die doel en karakter van hierdie boeke. Wel het hulle 'n gemeenskaplike doel, nl. om die geskiedenis van die volk van God te beskrywe en dit dan nie soos profane geskiedskrywing uit politieke standpunt nie, maar uit 'n religieuse standpunt. In die een gemeenskaplike doel kan ons egter nuanserings onderskei. Konings — en ook reeds die boeke van Samuel — toon aan hoe God getrou was aan sy belofte en aan Israel die land Kanaän gegee het; dan verder hoe Israel deur afval van sy God sy besitting verloor het. Kronieke vertel dieselfde, maar net van die koninkryk van Juda. In hierdie beperking lê die kenmerk van die doelstelling: Dit gaan vir die skrywer om die huis van Dawid en om die Teokrasie. Van die Teokrasie moet gesê word dat daar wel enkele hoogtepunte was; een daarvan was die regering van Hiskia, maar verder dat die Teokrasie nie tot duursame ontplooiing gebring kon word nie. Verkeerde en anti-teokratiese elemente in die volkslewe het dit belet. Ook die koninkryk van Juda het verlore gegaan. Sowel Konings as Kronieke moet besluit met 'n negatiewe resultaat: Die land van belofte is verlore, die Godstaat kon in Juda nie gevestig word nie. Beide negatiewe resultate is 'n roep om die Messias wat die Koninkryk van God sou bring.

Die regering van Hiskia was 'n hoogtepunt, 'n kortstondige hoogtepunt, in die geskiedenis van die Teokrasie, van 'n Godstaat met suiwere tempeldiens in die sentrum. Kronieke vertel dit breedvoerig.

Hiskia het met sy reformatoriese werk terstond begin: In die eerste maand van die eerste jaar van sy regering. Hy laat die deure van die huis van die HERE weer oopmaak en herstel. Sy vader, Agas, het daar die deure toegesluit (28:24). Hy het die gereedskap van die huis van God byeengebring en al die kosbare voorwerpe van die tempel aan die koning van Assirië, wat hom bedreig het, gegee, sonder dat dit hom tot hulp was. Nou dat die gereedskap weg is, kan die tempeldiens nie meer waargeneem word nie en Agas het die tempel maar toegesluit. Hy het vir sy godsdiens die tempel ook nie nodig gehad nie, want hy het offerrook laat opgaan in die dal van die seuns van Hinnom en sy seuns met vuur verbrand; hy het geoffer op hoogtes en heuwels en onder elke groen boom; altare gemaak op elke hoek van Jerusalem. Dit was dus alles Mologdiens en Baälsdiens. Diep was Juda weggesonke by die troonsbestyging van Hiskia. Dit het geword 'n volk wat sy "kerkdeure" maar toemaak, omdat

dit God tog nie meer wil dien nie. Dit verbaas ons dat uit só 'n omgewing en uit só 'n koninklike familie nog 'n vroom Jongman soos Hiskia kon voortkom, 'n koningseun wie se broers aan Molog gewy is, van wie 'n ander broer deur die wraak van die HERE gedood is (28:7). Maar die HERE het Hiskia gespaar. Miskien was sy moeder, Abi of Abia, die dogter van Sagaria, 'n vrome vrou!

As die deure van die tempel weer kan draai, roep Hiskia die priesters en Leviëte bymekaar op die Oosplein. Ons lees anders nêrens van hierdie plein nie. Waarskynlik was dit die buitenste deel van die tempelvoorhof wat vir alle Israeliete toeganklik was. Op hierdie plein spreek die koning die Leviëte, die nakomelinge van Levi, wat ook dié priesters insluit, toe om aan hulle sy planne mee te deel en om vir hulle opdragte te gee vir die uitvoering daarvan. Hy bely die ontrou "van ons vaders", van wie intussen sy eie vader die ergste in ontrou was. Hy skets wat dit beteken dat die deure toegesluit is: Die lampe van die kandelaars is doodgeblaas, geen reukwerk is aan die brand gestee nie en in die heiligdom is geen brandoffer aan die God van Israel gebring nie. Met heiligdom bedoel Hiskia dan die hele tempelgebou met sy voorhove, want brandoffers is nie 'in die heiligdom in engere sin nie, waar die reukwerk gebring word, geoffer, maar in die voorhof. Die straf van die HERE, so erken Hiskia, het me uitgebly nie. Sware rampe het Juda en Jerusalem tydens die vader van Hiskia getref. Die koning van Aram het hom verslaan en 'n groot menigte gevangenes na Damaskus weggevoer. Die koning van Israel, Peka, die seun van Remalia, het op een dag in Juda honderd-en-twintigduisend gedood. Onder die verslaandes was 'n seun van Agas, Maäseja, en aansienlike regeringsamptenare. Die Edomiëte het gevangenes gemaak, die Filistyne het geplunder. Assirië het hom oorval. Vroue en kinders, so moet Hiskia die toestand teken, is in gevangenskap en die manne gedood. Inderdaad, Juda het geword tot 'n voorwerp van ontsetting en bespotting, "soos julle met julle eie oë sien", sê Hiskia tot die Leviëte. Die manne daar voor hom staan op die puinhoop van die volkslewe wat Agas oorgelaat het. Maar voor hulle staan 'n jong koning wat die weg tot herstel wil inslaan. Dit is in sy hart om 'n verbond met die HERE, die God van Israel, te maak. Daarom moet die priesters hulle heilig, die reinheidswette in ag neem, sodat hulle weer diens kan aanvaar; hulle moet die tempel heilig en die onreinheid daaruit verwyder. Hierdie onreinheid is nie net vuil en stof van 'n verwaarloosde gebou nie, maar allerlei dinge wat gebruik is by afgodediens in die tempel voordat hy toegesluit is (28:23), dinge wat weersinwekkend was in die oë van die HERE. Met 'n dringende beroep op die amptelike roeping van "sy seuns", soos hy die Leviëte noem, spoor Hiskia hulle aan om tog nou nie nalatig te wees nie.

Aan die oproep van die koning is deur die Leviëte (vers 12) gevolg gegee. By die Leviëte moet ons hier weer die priesters ingesluit ag, want hulle werk ook saam, binne-in die tempelhuis; die Leviëte meer buitekant. Tog is dit nie sonder betekenis nie dat juis die Leviëte genoem word: hulle was opregter van hart om hulle self te heilig as die priesters. Tydens die goddelooshede van Agas lees ons ook nie van verset van die priesters nie. In die hoogste kringe was die minste ywer vir die diens van die HERE!

In sewe groepe daag die Leviëte op, aangedui met die bekende name van geslagshoofde: Kinders van die Kehatiëte, kinders van Merari en uit die Gersoniëte — die drie geslagte van die stam van Levi (I Kron. 23:6). Tot die Kehatiëte kan die priesters gereken word (I Kron. 6:1—3). Voorts kinders van Elisafan, Asaf, Heman en Jedutun. Die laaste drie is sangersfamilies; hulle instrumente was sifers, harpe en simbale (I Kron. 25:1). Elisafan word in I Kron. 15:9 ook genoem as 'n Levitiese familie (vgl. ook Num. 3:30). Die sewe geslagte het nie in volle getal opgekom nie, van elk 'n paar, maar hulle het hul broers versamel en die werk begin. Die onreinheid wat die priesters in die tempel aantref, word deur die Leviëte in die Kidrondal (tussen Sionsberg en Olyfberg) vernietig.

Op die sestiende dag was alles gereinig. Hulle het begin om te heilig op die eerste van die eerste maand (vers 17). Nou het Hiskia in die eerste maand van die eerste jaar van sy regering met sy reformasiewerk begin. Dat dit ook die eerste dag van daardie maand was, word nie gesê nie (vers 3), maar al sou dit ook die geval gewees het, dan kon die priesters en Leviete tog nie op daardie selfde dag begin het met die tempelreiniging nie, want die oproep tot die werk en die voorbereiding (vers 12) het ook tyd geneem. Die eerste maand op wat se sestiende dag die reinigingswerk gereed was, was dus die eerste maand van die eerste nuwe kalenderjaar na die troonsbestyging van Hiskia. Die eerste maand van Hiskia se regering val dus nog in die voorafgaande kalenderjaar. Ongetwyfeld was dit die laaste maand van daardie kalenderjaar: alles het mos gou gegaan (vers 36).

Op die sestiende dag was alles dus gereinig: die hele tempelhuis, die brandofferaltaar met sy gereedskap en die tafel vir die toonbrode met sy gereedskap. Agas het dus blykbaar nie alles gevat nie. Die priesters het in die ontredding genoeg teruggevind om ten minste weer 'n deel van die erediens in te stel. Van reukoffers lees ons ten minste niks nie. Dit het seker later wel weer gebeur.

Die herinstelling van die erediens geskied deur 'n groot offer, in teenwoordigheid van die owerstes van die stad. Ook hulle word in die reformasiewerk betrokke, soos hulle ook skuldig was aan die deformasie.

Die offer wat Hiskia laat bring, is groot en beheers deur die getal sewe: Sewe bulle, sewe ramme, sewe lammers en sewe bokke. Die bokke is 'n sondoffer. Ook die sondoffer van die groot versoendag was bokramme (Lev. 16). Die ander diere is 'n brandoffer. Van almal word die bloed teen die altaar uitgegooi. Daarmee word versoening gesoek vir die sondes van drie groepe: Die koningskap, wat deur Agas skuldig was; die heiligdom, dit is die tempel en al wie daaraan verbonde was; en ten slotte vir Juda, vir land en volk in sy geheel. Met handoplegging op die sondoffer word die oordrag van sonde versinnebeeld.

By die offerplegtigheid laat Hiskia ook musiek ten gehore bring. Dit doen hy volgens die gebod van Dawid en, so word daar uitdruklik bygesê, van God. Die tempelsang en -musiek was nl. geen instelling van die wet nie, maar van Dawid. Dawid was kunstenaar, digter en musikus. Hy het musiekinstrumente uitgevind (Amos 6:5) en met musiek die tempeldiens opgeluister. Hy het dit gedoen op God se bevel, wat aan hom meegedeel is deur die diens van Gad, die siener van die koning, en van die profeet Natan. Hiskia gebruik weer dieselfde instrumente wat Dawid gebruik het: Harpe, sifers en simbale (I Kron. 15:16). Ook klink daar, terwyl die brandoffer geoffer word, gesang op tot eer van die HERE en die priesters blaas op die trompette. Daar was dus 'n verskeidenheid van sang en verskillende soorte musiek. Ongetwyfeld het die een die ander afgewissel.

Solank as wat die verbranding van die offer geduur het, het die musiek aangehou en die volk wat teenwoordig was, die vergadering, het neergebuig; ook die koning self en die owerstes van die stad het gekniel en neergebuig en aanbid.

Aan die einde van die plegtigheid gee die koning en die stadsowerstes bevel om die HERE te prys met die woorde van Dawid en van Asaf, die siener. Dit sal die slotsang wees. Watter lied bedoel word, is nie seker nie, maar wel sien ons hieruit hoe Hiskia in die hele seremonie sy godvrugtige voorganger, Dawid, tot 'n voorbeeld neem (29:2).

Hiskia het gesê dat hy 'n verbond wil sluit met die HERE, die God van Israel (vers 10). Hy spreek nie weer daarvan nie. Maar sekerlik moet die offers wat gebring is en die reiniging van die tempel om dit moontlik te maak, beskou word as daad waarin Hiskia sy plan van verbondsluiting ten uitvoer lê. Dit is 'n verbondsvernuwing wat veral bestaan het in 'n reëling van die diens van die HERE (vers 35) en 'n wyding van die volk aan die HERE (vers 31).

Daarmee het nou 'n nuwe toestand ingetree, 'n vernieuë verbondsverhouding met God. Daarom roep Hiskia die volk wat daar bymekaar is, op om hul terugkeer tot die HERE, die Verbondsgod, te betoon deur offers te bring. Daar is alreeds offers gebring, maar dit was amptelike offers om die verbond te hernieu. Wat Hiskia nou wil hê, is private offers van die mense daar persoonlik, van elkeen wat gewillig was. Baie offers is toe gebring. Die getal van die brandoffers was sewentig beeste, honderd ramme, tweehonderd lammers. Brandoffers kon dus nie alleen elke more en aand, volgens die wet, (Num. 28:8) in die amptelike erediens gebring word nie, maar ook vrywillig deur persone. Die getal van die ander offers behalwe die brandoffers, soos slagoffers en dankoffers, was seshonderd beeste en drieduisend stuks kleinvee. Hulle word heilige gawes genoem omdat hulle nie, soos die brandoffers, in hul geheel verbrand is nie, maar 'n deel vir die priesters was en ook die offeraar met sy gesinslede daarvan 'n maaltyd gehou het, 'n maaltyd waaraan ook die Here deelgenoot was; vir Hom was die vetstukke, deur verbranding op die altaar.

Die groot getalle offerdiere — die volk van Juda moes baie vee besit het, selfs in so 'n desolate toestand as waarin Hiskia die regering aanvaar het — is 'n bewys van die blydskap van die volk. En, so sê die Kroniekskrywer, dit was iets wat God vir die volk berei het. Agter Hiskia, wat dit alles onderneem het. sien hy God, wat hierdie vrome koning oor sy volk beskik het. Daaruit blyk dat die hernuwing van die verbond ook aan God welgevallig was. God se werk hierin blyk duidelik, "want dit het gou gegaan" — so eindig hoofstuk 29. Nie net Hiskia het die verbond vernieu nie, God ook, ja, van Hom het dit voortgekom. En dit het voorspoedig tot stand gekom — ondanks die halfhartigheid van die priesters! (vers 34).

III. Die viering van die Pasga

// *Kronieke 30:1-31:1.*

Ná die verbondsvernuwing wil Hiskia ook weer die verbondswette onderhou. Wat die tyd van die jaar betref, kom daarvoor allereers in aanmerking om weer die Paasfees te vier. Hier die fees moet gevier word in die eerste maand van die jaar, want in die eerste maand van die jaar, die maand Abib, het Israel uit Egipte weggetrek en by dié geleentheid is die Paasfees ingestel. 'n Lam, reeds vier dae tevore afgesonder, moet op die veertiende van die maand geslag word en nog dieselfde nag geëet word met ongesuurde brode. Die eet van die Paaslam was 'n plegtigheid van net een aand, die eet van die ongesuurde brode moes sewe dae lank aanhou.

Die verbondsvernuwing was ook in die eerste maand. Dit was dus Pasgatyd! Maar dit het inmiddels te laat geword! Toe die priesters klaar was met die tempelreiniging, was dit reeds die sestiende dag van die eerste maand. Die kroniekskrywer noem dit egter nie eens nie. Daar was groter besware: die priesters het hulle nie voldoende geheilig nie. Dit weet ons reeds uit 29:34. En: die volk het nie in Jerusalem saamgekom nie. In die vorige hoofstuk is gesprek van die "vergadering" (vers 28 en 31) nou van "die volk". Die vergadering was die mense wat by die verbondsluiting aanwesig was, veral die stadsowerstes. Maar die Paasfees is 'n fees waaraan die hele volk, ten minste alle mans, moes deelneem (Ex. 23:17). Weens hierdie besware word besluit om die Paasfees in die tweede maand te hou. Dit was wel 'n noodmaatreël, maar tog nie heeltemal willekeurig nie. Die wet het dit toegestaan as iemand verontreinig was (Num. 9:10, 11) en hier is van die opening vir privaatpersone gebruik gemaak ten opsigte van die hele volk. Die hele volk moet dus nou opgeroep word, want (anders) sou hulle dit nie as 'n menigte, in vol getal, gehou het, soos voorgeskrywe was nie (vers 5).

So besluit dan die koning en die owerstes van die stad om die hele Israel op te roep, van Berseba af in die suide tot by Dan in die noorde. Die hardlopers — dit is die lyfwag van die koning wat altyd tot sy diens klaar gestaan het (I Sam. 22:17) — gaan uit. Hulle het ook briewe saamgekry van die koning en die owerstes om die wettigheid van hulle sending te kan bewys. Volgens Oosterse gebruik word sulke briewe dan deur die boodskappers voorgelees.

Hiskia gaan dus met hierdie oproep buite die grense van sy eie land. Was hy hiertoe geregtig? Van politieke standpunt besien, sekerlik nie. Maar Hiskia het suiwer religieuse oogmerke. Jerobeam, in sy dae, het met die instelling van die stierdiens in Bet-el wel politieke bedoelings gehad en gevrees dat, as sy volk na Jerusalem gaan om te offer in die sentrale heiligdom, dit ook weer tot die huis van Dawid sou terugkeer. Hiskia wil net die hele volk by die Paasfees verenig; politieke oogmerke het hy hierby nie gehad nie. Sulke politieke oogmerke kon bestaan het in 'n strewe om die tien stamme nouer aan sy ryk te verbind, 'n moontlikheid waarvoor Jerobeam in sy tyd bevrees was. Maar ons lees van so 'n strewe nie met 'n enkele woord nie. Die moontlikheid tot so 'n strewe het miskien nie eens bestaan nie, want was daar toe nog 'n koninkryk van Israel met 'n eie koning, of het dit reeds ondergegaan en is die mense uit Israel weggevoer in ballingskap? In daardie geval stuur Hiskia sy boodskappers dan na deur Assirië besette gebied! As Hiskia in sy boodskap spreek van "die vrygeraaktes wat vir julle oorgebly het uit die hand van die konings van Assirië", kry ons die indruk dat Israel reeds ondergegaan het en Samaria verower is. Ook ondervind die boodskappers van Hiskia, al word hulle bespot, tog geen politieke teenstand soos die profeet Amos ondervind het toe hy te Bet-el opgetree het nie (Amos 7:10-17). Die Assiriese besetters het die religieuse boodskap, as hulle daarvan verneem het, as onbelangrik beskou. Die

godsdienstige toestande was in dié tyd in Israel in diepe verval, soos blyk uit II Kon. 17:24 en verder.

Aan die ander kant lees ons in II Kon. 18:1 en v. dat Hiskia koning geword het in die derde jaar van Hosea, die laaste koning van Israel, en dat Samaria ingeneem is in die negende jaar van Hosea; dus ses jaar na die troonbestyging van Hiskia. Volgens hierdie opgawe het die boodskappers dus in Israel gekom tydens die regering van Hosea. Ons kom dus voor die vraag te staan of die val van Samaria en die wegvoering van Israel geplaas moet word tydens of voor die regering van Hiskia. Dat dit gebeur het voordat Hiskia koning geword het, is die indruk wat ons kry uit II Kon. 30:6-9. Die getalle wat ons vind in II Kon. 18:1 en v. weerspreek dit.

Ons sal hierdie chronologiese moeilikheid later afsonderlik behandel. Hier wil ons slegs opmerk dat ook, al het Hosea nog geregeer toe die boodskappers van Hiskia gekom het, die oproep van Hiskia tog ewe goed verklaarbaar en verstaanbaar is, want ook voordat Samaria eindelijk geval het, het Israel baie met Assirië en Assiriese konings te doene gehad. Hiskia sê ook Assiriese konings, in die meervoud, en wys daarmee op 'n langere tyd van stryd en verdrukking, wat hy sien as 'n straf van die HERE weens hulle ontrou. En uit die ontrou en afvalligheid roep hy hulle nou op tot bekering. Reeds Jehu moes voor die Assiriese koning Salmanesar III 'n knieval maak. Menahem het aan Pul, die koning van Assirië, duisend talente silwer gegee. In die dae van Pekah het Tiglat-Pileser, die koning van Assirië (dieselfde as Pul) Israeliete as gevangenes in ballingskap weggevoer na Assirië toe. Salmanesar V het reeds vir Hosea in die begin van sy regering belasting opgelê.

In elk geval — Hiskia stuur sy bodes met suiwer godsdienstige oogmerke. Hulle boodskap is 'n oproep tot bekering en om te kom na die sentrale heiligdom, want, so sê Hiskia, die HERE, julle God, is genadig en barmhartig. Gee aan die HERE die hand, (vers 8) d.w.s. stem saam met die verbondsvernuwing.

Groot sukses het die bodes nie, allermens in Efraim, die sentrum van die noordelike ryk waar die afval die grootste was. Maar in die uithoeke van die land, Aser, Manasse, Sebulon, was daar manne wat hulle verootmoedig het. Op hulle het die boetepredikasie van Hiskia dus indruk gemaak. Hulle het gekom.

Al is daar dus maar min mense uit die ryk van die tien stamme, tog kan gesê word dat "die kinders van Israel" Paasfees en die fees van die ongesuurde brode gevier het. Die meeste was uit Juda. Daar was die hand van God werkzaam, sodat hulle eensgesind gekom het.

Voor die eintlike fees begin het, word die reinigingswerk nog verder voortgesit. Alle altare uit Agas se tyd word vernietig en in die Kidron gegooi. Ook die priesters het nou lewendig geword. Hulle het hulle geskaam oor hulle halfhartigheid en hulle gereinig. Tog het daar nog gevolge van die langdurige afval oorgebly: die meerderheid van die volk uit die tienstammeryk het hulle nie geheilig nie; hulle het nie op tyd gedink aan die voorskrifte vir kultiese reinheid nie. Dan mag hulle die Paaslam nie slag nie en nie eet nie. Wat die slag betref — wat hulle self behoort te doen (Ex. 12) — hier het die Leviete weer die helpende hand gebied deur dit vir die gesinshoofde te doen. Maar die meerderheid van die volk het die Pasga ook nie geëet soos dit voorgeskrywe was nie (Num. 9:10). Dit was erger! Dergelyke oortredings wek die toorn van die HERE op (Ex. 19:21, 22; Lev. 10:1 en v.).

Dit kan allerlei rampe as straf ten gevolge hê. Maar Hiskia het vir hulle gebid om versoening. In sy gebed maak Hiskia onderskeid tussen die gesindheid van die hart en die kultiese voorskrifte. Hy bid om versoening vir elkeen wat sy hart daarop gerig het om God die HERE, die God van die vaders, te soek, al was dit nie volgens die reinheid van die heiligdom nie.

Die HERE het hierdie gebed verhoor. Die gesindheid van die hart is ook vir Hom die

vernaamste. Hy het die volk "genees", d.w.s. die onheil waaraan hulle in wese deur hulle oortreding reeds blootgestel was, afgewend en weggeneem.

Sewe dae lank het hulle die fees van die ongesuurde brode gevier. Die vreugde was so groot dat hulle besluit het om nog 'n tweede sewetal dae daaraan toe te voeg. Die benodigde offers is verstrekk deur Hiskia (duisend bulle en seweduisend stuks kleinvee) en die owerstes (duisend bulle en tienduisend stuks kleinvee). Weer verbaas ons ons dat in so 'n verarmde land sulke groot voorrade vleis aanwesig was om te offer en te eet by die brandoffers en die dankoffers. Ook was daar nou priesters genoeg om al die offerandes te behartig want in menigte het hulle hul nou geheilig, So was daar groot blydschap in Jerusalem, blydschap by die Judeërs en by die priesters en Leviete, blydschap ook by die mense uit Israel, ja, selfs by die vreemdelinge uit Israel sowel as uit Juda. Al die groepe word afsonderlik gemeld. Daar was 'n eensgesinde blydschap soos Jerusalem sinds die dae van Salomo (by die tempelwyding) nie weer belewe het nie.

Aan die einde van die tweeweekse fees staan die Levitiese priesters op en seën die volk. Dit moet die seën van Num. 6:24—26 gewees het. Hierdie seën het nie outomaties of magies, alleen deur die amptelike uitspraak van die priester, gewerk nie, maar word 'n gebed genoem wat deur God in die hemel gehoor en verhoor is. Uit hierdie mededeling en die andere dat God die gevoelens van die hart wil aanneem ondanks kultiese onreinheid, blyk dat ons Israel se vormelike erediens nie moet verdink van veruitwendiging en verstarring nie, maar dat ons daarin mag sien 'n lewendige kontak tussen God en sy gunsgenote (Ps. 85:7).

Na die seën het almal na hulle huise teruggekeer. En nie om in die ou sondes terug te val nie! Nee, die reinigingswerk is voortgesit. Deur heel Juda en Benjamin en ook in die Noorde, in Efraim en Manasse is die Kanaänitiese Baälsdiens met sy klippilare en heilige boomstamme uitgeroei en vernietig.

IV. Deurgaande reformasie

// *Kronieke 31:2-21.*

Enigsins vreemd klink die mededeling dat Hiskia die afdelings van die priesters en die Leviëte vasgestel het volgens hulle afdelings. As ons in gedagte byvoeg dat Hiskia dit opnuut gedoen het, word die sin nie alleen goed begryplik nie, maar word ook seker die bedoeling van die sin juis weergegee. Die priesters en Leviëte was in afdelings ingedeel. Dit was Dawid wat dit gedoen het (I Kron. 23 en 24). Hy het die Leviëte ingedeel in drie afdelings volgens die seuns van Levi: die dikwels genoemde drietal Gerson, Kehat en Merari. Vervolgens het Dawid die priesters ingedeel in 24 groepe; die nakomelinge van Eleasar, die een seun van Aaron, in 16 groepe; en die nakomelinge van Itamar, die ander seun van Aaron, omdat hulle soveel minder was in aantal, in 8 groepe. Salomo het die organisasie van sy vader mooi in stand getal (II Kron. 8:14). Ook tydens die priester Jozabab skyn hierdie organisasie nog in werking te wees (II 23:8).

Nou lees ons dat Hiskia dit opnuut vasstel. Hierdie organisasie het dus ook in verval geraak. Dit was 'n priester, Uria, wat Agas gehelp het om die altaar van Damaskus noukeurig na te maak. En toe die tempel gesluit is, moes die priesters maar 'n heenkome soek. Wie weet hoe baie van hulle Uria gevolg het en na die afgodery oorgeloop het!

Hiskia het die afdelings weer vasgestel, elkeen volgens sy diens. Ook hier moet ons sekerlik dink aan die organisasie van Dawid wat vier soorte van werk aan die Leviëte opgedra het: a. toesig oor die werk in die huis van die HERE; b. opsigters en regters te wees; c. poortwagters te wees; d. lofsange te sing met die instrumente wat Dawid gemaak het (I Kron. 23:3-5).

Deur die afdelings en opdragte te vernieu, het Hiskia elkeen van die groot getalle priesters en Leviëte sy plek en taak weer gewys, sodat hulle dit elk op sy beurt — elk in sy maand (I Kron. 27:1) — kon behartig. Vir die priesters was dit dan die offerwerk, brandoffers en dankoffers. Vir die Leviëte die verdere dienswerk waarvan in besonderhede genoem word: om te loof en te prys in die poorte van die laers van die HERE. Dit is die tempel wat met hierdie ouderwetse aandui ding genoem word in herinnering aan die woestyn, waar die kinders van Israel laer opgeslaan het op 'n afstand rondom die tent van samekoms. Oue tye en toestande word dikwels as die ideaal voor gestel!

Nou dat die erediens weer herstel is, is daar daagliks offerdiere nodig, want die offers/is wel die hoofsaak van die tempeldiens. Die aantal benodigde offerdiere is baie hoog. Die HERE noem dit sy vuuroffers. Die voorskrifte vind ons in Num. 28 en 29. Die grondslag en uitgangspunt van die offerwette is die daaglikse offer. Die daaglikse vuuroffer bestaan uit twee lammers, een in die moren en een in die aand. Daar kom dan nog by die toegevoegde offer, nl. spysoffer en drankoffer. Maar ons wil nou alleen maar die diere tel wat nodig was. Hierdie daaglikse offers vra dus reeds meer as 700 lammers per jaar. Elke sabbat — dus meer as vyftig keer per jaar — moes behalwe die voortdurende brandoffer, d.i. die daaglikse offer, twee lammers geoffer word. Op die sabbat volg, as feesdag, die nuwe maansfeeste. By elke nuwe maan moes twee jong bulle en een ram en sewe jaaroud-lammers, sonder gebrek, geoffer word en nog een bokram as sondoffer. Vervolgens kom die fees. Eerste is die Pascha met die fees van die ongesuurde brode, sewe dae lank; behalwe die gewone daaglikse offers moet elke dag twee jong bulle geoffer word en een ram en sewe jaaroud-lammers sonder gebrek; verder nog een bokram as sondoffer. Dieselfde offer moet gebring word op die dag van die eerstelinge ("Pinkster"). Na dié fees volg die sewende maand. Omdat dit die sewende is, moet op die eerste dag van daardie maand, behalwe die daaglikse offer en

behalwe die maandelikse nuwemaansoffer, as brandoffer geoffer word een jong bul, een ram, sewe jaaroud-lammers en een bokram as sondoffer. Op die tiende dag van hierdie maand is dit Groot Versoendag. Die dag vra weer een jong bul, een ram, sewe jaaroud-lammers en een bokram as sondoffer, behalwe die spesiale sondoffer van die Groot Versoendag en natuurlik weer die daaglikse brandoffers. Op die vyftiende dag van hierdie maand begin Israel se grootste fees: die Huttefees. Op die eerste dag van hierdie agtdaagse fees moes dertien jong bulle geoffer word en verder twee ramme en veertien jaaroud-lammers. Elke volgende dag word die aantal offerbulle met een verminder, maar die dubbele aantal ramme en lammers bly elke dag gelyk. Op die agtste dag: een bul, een ram, sewe jaaroud-lammers. En elke dag die sondoffer behalwe die daaglikse offer. Huttefees alleen het 71 jong bulle geëis. Gelukkig, so sou ons amper sê, het die HERE altyd manlike diere geëis. Dit was minder fnuikend vir die voortbestaan van Israel se kuddes as die offering van koeie en ooie op so 'n groot skaal. Tog glo ek nie dat dit 'n oorweging van die HERE was nie. Ek glo eerder dat God die manlike dier geëis het omdat dit prakties altyd slagbaar is, wat met die vroulike diere weens hulle aandeel in die voorttelingsproses nie die geval is nie.

Waarvandaan moet die groot getalle offerdiere kom?

Die wette van Israel se godsdiens gee op hierdie vraag geen antwoord nie. In die buitengewone geval van die offers by die inwyding van die tempel (I Kron. 7) lees ons dat koning Salomo die slagoffer van twee-en-twintigduisend beeste en honderd-en-twintigduisend stuks kleinvee geslag het. Dit beteken natuurlik nie dat hy dit eiehandig gedoen het, maar wel dat hy dit laat doen het en dus ook die diere beskikbaar gestel het. So lees ons in ons geskiedenis dat koning Hiskia die diere uit sy goed beskikbaar gestel het; maar "soos voorgeskrywe is in die wet van die HERE" beteken nie dat die wet voorgeskrywe het dat die koning dit moes doen nie; die woorde behoort by die opsomming van die offers; dit was voorgeskrywe (vers 3). Later lees ons dat koning Darius alles beskikbaar gestel het vir die offerdiens in die tempel na die ballingskap. Die godsdiens was, ook in Israel, staatsaak. En die staat is die koning! En die besittinge van die koning bestaan uit die belastinge van die volk. Ten slotte word die offerdiere opgebring deur die volk vir sy volksgodsdiens.

'n Volgende saak wat deur Hiskia weer reggestel word, is die lewensonderhoud van die priesters en die Leviëte. Ook hiervoor was 'n reëling wat egter herstel moes word. In Num. 18 word gesê hoe die voorsiening in hulle onderhoud gereël was. Die HERE het vir Aaron gesê: die offergawes of heilige gawes van die kinders van Israel, wat deur die diens van Aaron in ontvangs geneem word, gee Ek aan jou en jou seuns. Dit sou 'n ewige insetting wees. Uitgesonder is wat verbrand word. Daaronder val alle brandoffers. Hulle word in hul geheel verbrand vir die HERE self. Tog kry die priesters die velle (Lev. 7:8), en dit was 'n waardevolle beloning. Van die meeste offers bly egter genoeg oor, nl. van spyoffers, sondoffers en skuldoffers. Van die dankoffers, waarvan ook die offeraars self mog eet, kry die priesters die bors (beweegbors genoem) en die regterboud (hefboud genoem). Verder kry hy die beste van die olie en van die mos en van die koring; ja, die eersteling van alles, ook van die vee — in Lev. 27:32 word dit tiendes genoem. Verder alles wat onder die ban is, d.w.s. bangoed, iets wat onvoorwaardelik aan die HERE gegee was; hierdie "ban" is dus iets anders as die "oorlogsban" (vgl. bv. die goed van Jerigo). Vir die Leviëte is die tiendes van die veldopbrengste en van die vee (vgl. Lev. 27:32). En omdat ieder die tiendes moet opbring, moet die Leviëte dit op hulle beurt ook doen: hulle moet hulle tiendes aan die priesters gee: 'n tiende van die tiende (vers 26).

Hiskia gee nou bevel om die aandeel van die priesters en die Leviëte te gee. En die volk hét dit gegee, baie getrou. Hulle kom na Jerusalem met die eersteling van koring, mos en olie —

ook heuning, wat in die wet nie vermeld word nie, met die tiendes van beeste en kleinvee en met tiendes wat bestaan het in heilige (vrywillige) gawes. Daar was te veel vir die priesters vir daaglikse onderhoud. In hope is dit opgestapel, van die derde maand af tot die sewende maand, d.w.s. gedurende die hele somerseisoen, wat met die garsteoes begin en met die oes van druiwe en olywe eindig. As Hiskia en die owerstes die groot voorrade sien, is hulle vol lof en dank vir al die seëninge. Ook die hoëpriester was daarby teenwoordig. Ons het in hierdie geskiedenis nog nie van hom gehoor nie. Sy naam was Asarja en hy was uit die huis van Sadok. Hy sien verband tussen die offers wat die volk gebring het en die seëninge van die HERE!

Hiskia sorg nou daarvoor dat al die goedere veilig bewaar word. Dawid het in sy tyd ook so gemaak (I Kron. 26:20-28). Hiskia het die voordeel gehad dat hy oor geskikte bewaarplekke kon beskik, nl. oor die groot aantal vertrekke in die aanbousel rondom die tempel (I Kon. 6:5, 6). So was daar groot voorrade wyn en olie en koring vir die aankomende maande van saaityd en winter. Aan 'n aantal Leviete is opgedra om oor die voorrade toesig te hou en vir die verdeling sorg te dra. By die verdeling moes nie net gedink word aan die priesters en Leviete wat toe in die tempel op diens was nie, maar ook aan dié wat nie op diens was nie en op verskillende plekke woonagtig was.

Deur hierdie goeie versorging het Hiskia die stam van Levi ook vaster aan die tempeldiens verbind. In die dae van Nehemia het dit gebeur dat die Leviete hulle aandele nie gekry het nie, waarom hulle elkeen na sy grond gevlug het. En ook tydens die afval vóór Hiskia het sekerlik menige priester of Leviet tot hoogtediens of afgodery die toevlug moes neem om inkomste te verkry.

So het die begin van Hiskia se regering verloop in 'n besige tyd van grondige reformatie. Die Kroniekskrywer prys hom daarvoor: Hy het gedoen wat goed en reg en trou was — hierdie drie lofprijsinge langs mekaar vind ons van niemand anders in die hele Ou Testament nie. Hy het al die dinge met sy hele hart gedoen en daarom het hy ook voorspoed gehad. Hy het buitengewoon baie rykdom en eer besit, sodat hy skatkamers moes maak vir silwer en goud en edelgesteentes en vir speserye en skilde en allerhande kosbare voorwerpe; ook pakhuise vir koring en mos en olie en stalle en krale vir sy vee. God het hom baie goed gegee!

Ook vir die skriftelike erfenis van die tyd vóór hom het Hiskia sorg gedra. Dit blyk uit die boek Spreuke waar in hoofstuk 25:1 'n versameling spreuke van Salomo begin wat die manne van Hiskia, die koning van Juda, versamel het. Hierdie manne was skrifgeleerdes wat deur Hiskia aangestel is om, onder sy beskerming, hierdie literêre werk te doen. Op hierdie wyse het God ook Hiskia gebruik vir die teboekstelling van die Heilige Skrif. In hierdie verband moet ons ook opmerk dat Hiskia belangrike profete as tydgenote gehad het, o.a. Jesaja, Hosea (Hos. 1:1) en Miga (Miga 1:1, vgl. ook Jer. 26:18. Uit hierdie laaste teks word verneem hoe Hiskia die soms harde profeteboodskappe kon verdra). In die reformatoriese optrede van Hiskia verneem ons niks van enige invloed van hierdie profete nie. In die vervolg sal ons egter sien hoé Jesaja in die nabyheid van Hiskia verkeer het.

V. Die chronologie van Hiskia

Die reformasie deur Hiskia waarvan die Kroniekskrywer so breedvoerig vertel, het ongetwyfeld plaasgevind in die allereerste begin van sy koningskap. Kronieke sê dit maar alte duidelik. Verder is daar maar weinig redes om by die tydsvolgorde en tydbepalings van die daade en ondervindings van Hiskia die woordjie "ongetwyfeld" te gebruik. Ons kan nog sê dat Hiskia siek was in die veertiende jaar van sy regering; dus, in die midde van sy regeringstyd, want hy het na sy siekte nog 15 jaar toegesê gekry en hy het 29 jaar lank geregeer. Verder is daar baie onsekerheid. Iets het ons daarvan reeds gesê in verband met die vraag of Hiskia reeds vóór of eers na die val van Samaria koning geword het,

Nie net by die geskiedenis van Hiskia kom ons met sulke moeilikhede in aanraking nie. Dit klink vreemd om te sê ten opsigte van die Heilige Skrif, maar die rekenkunde wys uit dat daar foute ingesluit het in die opgawe van getalle, waarskynlik nie by die opstelling van die geskrifte nie, maar by die oorskrywing daarvan, 'n Treffende voorbeeld daarvan is die feit dat die totaal van die regeringsjare van die konings van Israel vanaf die skeuring van die ryk tot die val van Samaria nie gelyk is aan die totaal van die regeringsjare van die konings van Juda tussen dieselfde twee tydpunte nie.

Ook in verband met Hiskia kan ons daarvan nog 'n voorbeeld noem: Agas was 20 jaar oud toe hy koning geword het en het 16 jaar lank geregeer. Hy het dus opgehou regeer toe hy 36 jaar oud was. Hy word opgevolg deur sy seun Hiskia wat toe 25 jaar oud was. Hiskia moet dan gebore gewees het toe sy vader elf jaar oud was. Dit lyk onmoontlik. 'n Oplossing van hierdie moeilikheid word wel gesoek in die veronderstelling dat Hiskia wel 25 jaar oud was toe hy self die regering aanvaar het, maar baie jonger by die dood van sy vader en eers onder voogdy gestaan het. Hy het dan wel koning geword in die derde jaar van Hosea, die koning van Israel, maar onder voogdy. Sy reformatoriese optrede kan eers begin het toe hy selfstandig koning was, 'n sekere aantal jare later dus, na die val van Samaria. Die Skrif maak egter van so 'n voogdyskap geen melding nie. Ook ontstaan die vraag of die regeringsduur van Hiskia (29 jaar) die tyd van voogdyskap insluit of nie. Verder moet by elke datering met betrekking tot Hiskia gevra word of dit getel word vanaf sy koningskap onder voogdyskap of vanaf sy selfstandige regering.

'n Ander moeilikheid is die volgende: in II Kon. 18:9 lees ons dat Salmaneser, die koning van Assirië, in die vierde jaar van Hiskia teen Samaria opgetrek en dit beleer het. Dan lees ons in vers 13 dat in die veertiende jaar van Hiskia, dus tien jaar later 'n ander koning van Assirië, Sanherib, opgetrek het teen Juda. In daardie tien jaar moet ingepas word wat in die tussentyd in Assirië gebeur het. Hiertoë behoort alreeds die regering van Sargon, wat 17 jaar geduur het. Voorts die laaste jare van Salmaneser en die eerste jare van Sanherib voordat hy na Juda opgetrek het. Dit kan nie! Nou ontstaan daar ruimte in tyd, as aangeneem word: die vierde jaar van Hiskia is getel vanaf sy voogdyskap en die veertiende vanaf sy selfstandige regering. Dit is egter willekeurig; daarom word ook wel aangeneem dat die getal veertien foutief is.

Is die getal veertien reg, dan het Hiskia siek geword juis in die jaar van die inval van Sanherib — aangeneem dat die regeringsduur van 29 jaar betrekking het op sy selfstandige regering en nie 'n eventuele voogdyskap insluit nie. Nou is dit natuurlik nie onmoontlik nie dat Hiskia se siekte en die inval van Sanherib in dieselfde jaar plaasgevind het. Die aanduiding "in die dae" skyn dit te beteken. Tog is "in die dae" 'n baie vae aanduiding. Die gesante van Merodag Baladan kom ook "in die tyd", II Kon. 20:12. Maar uit die oorsig wat ons nog sal gee van die geskiedenis van die tydgenote van Hiskia, sal blyk dat Merodag

Baladan reeds voor die inval van Sanherib in Juda van die toneel verdwyn het. En die belofte wat Hiskia by sy genesing ontvang dat die HERE Jerusalem sal red uit die hand van die koning van Assirië, pas beter vóór as na" die nederlaag van Sanherib. Sonder om jaartalle te noem, kan ons dus wel sê dat Hiskia se siekte en die gesante van Babel geplaas moet word vóór die inval van Sanherib. Wat ten slotte die noem van jaartalle betref — dit is met die Bybelse gegewens moeilik. Die reformasie deur Hiskia was 'n binnelandse aangeleentheid. Die vervolg van die geskiedenis van Hiskia bring ons egter in aanraking met Assirië en Babel. Van die geskiedenis van hierdie lande het ons 'n taamlik noukeurige kennis gekry deur allerlei inskripsies wat in die laaste tyd gevind is. Die gevonde inskripsies het lang tye onder die puin verborge gele en is nie ongeskonde nie, maar van oorskryffoute is by hulle geen sprake nie. In hierdie inskripsies word ook melding gemaak van kosmologiese verskynsels, soos bv. van sonsverduistering. Ook word daarby vermeld onder welke koning en in watter regeringsjaar van hom so 'n verskynsel plaasgevind het. Daardeur is ons in staat om met behulp van die moderne kosmologie die geskiedenis van Babel en Assirië, altans vir sommige tydperke, in jaartalle van ons christelike tydrekening uit te druk. Op grond van hierdie gegewens is vasgestel dat die val van Samaria plaasgevind het in 721 v.C. en die inval van Sanherib in 701 v.C.

Hoewel in die hoofstukke wat oor Hiskia handel, van die Assiriese konings alleen Sanherib genoem word en hy dus 'n tydgenoot van Hiskia was, is hy tog nie die enigste koning van Assirië wat dit was nie. As in die vierde jaar van Hiskia koning Salmaneser, die opvolger van die reeds genoemde Tiglat-pileser, teen Samaria optrek, dan is ook hy 'n tydgenoot van Hiskia. Salmaneser het maar vyf jaar geregeer. Die twee of drie laaste jare daarvan val saam met die beleg van Samaria. Op Salmaneser volg Sargon, in die ou testament genoem in Jes. 20:1. Op Sargon volg Sanherib. Hiskia het dus verskillende Assiriese konings geken.

Verder het Hiskia in aanraking gekom met Berodag Baladan, die koning van Babel. In teenstelling met Sanherib, wat 'n vyand van Juda was, wou Berodag Baladan vriendskap aanknoop met Hiskia. Dit gee reeds 'n kiertjie waardeur ons agter die skerms kan sien: Sanherib en Berodag Baladan was nie vriende nie! Ons weet egter van hierdie twee konings uit die antieke geskiedenis baie meer. Ons sal in die volgende hoofstuk die genoemde tydgenote van Hiskia nader bespreek om hulle doelstellings, wat politieke doelstellings is, te leer ken. Dan kan ons sien wat hulle beoog het met die sending van leërs of gesantskappe na Jerusalem en ook hoe dié dade van Hiskia wat in die ou testament vermeld word, hoewel hulle nie religieus van aard was nie — ons bedoel veral II Kon. 18:8 — in die geheel van die gebeurtenisse inpas. Ook dit kan ons help om die regering van Hiskia in jaartalle uit te druk. In 'n tydrekenskundige tabel gee ons dan 'n oorsig van die tyd van Hiskia. So 'n tabel kan nie gegee word met onomstotelike sekerheid nie. Uit die verskillende moontlikhede tot oplossing van die vermeldde moeilikhede moet 'n keuse gedoen word.

Vir die doel waarmee die Heilige Skrif geskryf is en waarmee ons die Heilige Skrif lees, is die gebrek aan tydrekenskundige sekerheid nie 'n leemte nie. Die Skrif gee die geskiedenis van die openbaring, maar daardie geskiedenis vind plaas op 'n "wêreldtoneel", waarop Hiskia ook opgetree het.

Dit, so sal ons sien, het hom laat afwyk van sy roeping as teokratiese koning!

Chronologiese tabel:

- 728 Hiskia word koning. Laaste jaar van Tiglat-Pileser.
- 727-721 Salmaneser V koning van Assirië.
- 721 Val van Samaria. Sargon volg Salmaneser op, 721-705.
Merodag Baladan word koning van Babel, 721-710.
- 720 Slag by Raphia.
- 714 Siekte van Hiskia.
- 711 Jesaja 20:1.
- 710 Merodag Baladan word uit Babel verjaag.
- 705 Sanherib volg Sargon op, 705-681.
- 703 Merodag Baladan word weer koning van Babel; deur Sanherib verjaag.
- 701 Inval van Sanherib in Juda. (3e veldtog). Slag by Elteke.
- 699 Dood van Hiskia.
- 693 Sanherib na die Persiese Golf (6e veldtog).
- 689 Sanherib verwoes Babel.
- 687 Sanherib weer na die Weste?
- 681 Moord op Sanherib. Esar-Haddon volg hom op.

VI. Die politiek in Hiskia se tyd

Die politiek in Hiskia se tyd is beheers deur die groot "'magsuitbreiding'- van die militêre Assirië. Die ideaal van die Assiriese konings was om hul ryk uit te brei van die Persiese golf af tot by die kuste van die Middellandse see, ja, tot in Egipte. Die kleinere state in die Weste moes kies tussen stryd en verdediging teen die magtige Assirië of gewillige onderwerping aan Assirië wat hulle dan tot met tribuut belaste vasalstate van Assirië gemaak het. Ook Israel en Juda het voor die keuse te staan gekom. Die advies van die profete was neutraliteit! God se volk moes nie op Assirië nog op Egipte vertrou nie, maar op sy God alleen. "As julle nie glo nie — voorwaar, dan sal julle nie bevestig word nie" (Jes. 7:9) en: "In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertrou bestaan julle krag" (Jes. 30 :15). Hoewel dit in die konkrete en dreigende situasies moeilik was, is die geskiedenis van die volk van God tog nie bepaal deur die feit dat dit onmoontlik was om hierdie raad van die profete van die HERE op te volg nie, maar deurdat hulle nie wóú nie (Jes. 30:15).

Hiskia se vader, Agas, het 'n pro-Assiriese politiek gevoer, maar sy tydgenoot in Israel nie. Dit was Pekah wat met Resin van Aram (Damaskus) 'n afspraak gemaak het om tesame weerstand te bied teen Assirië. So 'n koalisie was daar ook reeds in Agab se tyd, en nou wil hulle dat Juda ook sal meedoen. Agas wou dit nie. Daarom moes Juda gedwing word. Pekah en Resin gaan Juda beveg om 'n vriend van Pekah, die seun van Tabeal, koning van Juda te maak. Agas het toe die hulp van Tiglat-Pileser, die koning van Assirië, ingeroep en dié het gekom! Hy het Damaskus verower (II Kon. 16:9) en Israel swaar slae toegebring (15:29). Hierdeur het Juda prakties 'n vasalstaat van Assirië geword. Dit was — deur Agas se skuld! — die eerste aanraking tussen Juda en Assirië; en dit is wat Hiskia in sy jeug — as kroonprins — ervaar het, met teësin!

As Hiskia self koning word, regeer hierdie Tiglat-Pileser nog, maar slegs een jaar meer. Dan kom Salmaneser, wat Samaria beleer het. Hy is egter vermoor nog voordat Samaria geval het sodat die val van die stad gereken word tot die krygsdade van sy opvolger, Sargon. Self was hy daarby egter nie teenwoordig nie sodat die eer van die oorwinning feitlik toekom aan die Assiriese leërowerstes.

Deur moeilikhede in sy vaderland kon Sargon hom by sy troonsbeklimming nie terstond met Palestina bemoei nie. Die moeilikhede was veroorsaak deur Merodag Baladan, van wie ons ook lees in die geskiedenis van Hiskia. Daarom wil ons nou eers sien wie hierdie Merodag Baladan was.

Merodan Baladan was 'n Chaldeër.

Die stamgebied van die Chaldeërs was geleë ten suide van Babilon by die benedeloop van die Eufraat, 'n gebied wat wel die Seelande genoem word. In Hebreeus heet hierdie Chaldeërs Kasjdien, in die Assiriese inskripsies Kaldu ("l" en "sj" wissel af). Die naam is miskien afkomstig van Kesed (Gen. 22:21, 22), wie se vader Nahor, Abraham se broer, ook uit Suid-Mesopotamië afkomstig was. Die Chaldeërs was dus Semiete en 'n baie lewenskragtige groep van hulle. Ons lees dikwels van hulle in die ou Testament. Hulle was roofsgtig (Job 1:17) en krygshaftig en het die oog geslaan op Babel. Nomadiserende volke was meestal arm; die steppes het nie genoeg opgelewer vir hulle talryke kinders nie; bygevolg kyk hulle begerig na die ryk kultuursentra.

As ons Babel noem, dink ons aan die groot Babel van Nebukadnesar (Dan. 4:30). Maar dit is na die tyd waarvoor ons in die geskiedenis van Hiskia handel.

Babel was 'n baie ou stad, met groot invloed van kultuur en godsdiens. Dis die Babel waarvan ons vae aanduidings het in Gen. 10:10 en 11:9. Na sy eerste opbloeit het Babel ook

minder glorieryke eeue beleef en gaandeweg 'n teenstander gekry in die militêr sterke Assirië, wat intussen vir sy kultuur en ook op godsdienstige gebied weer van Babel afhanklik was. Daarom het die Assiriërs die vyandige verhouding met Babel tog meestal met 'n sekere voorsigtigheid gehanteer terwyl die priesterkringe en kultuurkringe in Babel, om so te sê, die ou Babiloniërs, soms in die Assiriese konings hul verlossers gesien het, as ander volke of stamme met laere kulture hulle van Babel meester gemaak het. Dit nou het die Chaldeërs gedoen!

Die Chaldeese Babilon was skerp vyandig teenoor Assirië. Die reeds genoemde Tiglat-Pileser het toe die Chaldeërs uit Babel verjaag en hulle agtervolg tot in hulle stamlande, waartoe ook Bit-Jakin behoort het. Daar het hy tribuut ontvang van die vors van Bit-Jakin; dit was Merodag Baladan!

Tiglat-Pileser het toe self die troon van Babilon bestyg en in dié kwaliteit homself Poeloe genoem (Pul. II Kon. 15:19). Na hom was ook Salmaneser koning van Babel. Op dié manier was twee gebiede verenig in 'n personele unie.

Inmiddels het die vors van Bit-Jakin nie stilgesit nie. Hy was 'n diplomaat en intrigant en het 'n bondgenootskap gesluit met Elam, wat ook 'n gevaar in Assirië gaan sien het. By die troonswisseling van Salmaneser na Sargon het hy sy slag geslaan. Met behulp van die Elamiete het hy Sargon verslaan en koning geword van Babel. Dit het ongeveer twaalf jaar geduur, tot 710. So was dus Merodag-Baladan, die koning van Babel, 'n tydgenoot van Hiskia en het kontak met hom gesoek (II Kon. 20:12).

Die nederlaag van Sargon terstond by die begin van sy regering het die westelike gebiede, waarop die hand van Salmaneser swaar gedruk het, weer moed gegee. Daar het opstande uitgebreek, waarby ook die Filistyne betrokke was, o.a. Hanun van Gasa. Op die agtergrond het Egipte gesit en stook.

Sargon laat Merodag-Baladan voorlopig op die troon van Babel sit en gaan eers na Palestina. Hy verslaan die opstandelinge, ook die Egiptenare, by Raphia, en neem Hanun gevange. Op sy terugtog het hy die bevolking van Israel saamgeneem (II Kon. 18:11).

As hy in Assirië terugkom, het hy Merodag Baladan eers nog met rus gelaat — 'n bietjie bang vir die Elamiete! Hy het trouens genoeg ander vyande gehad, bv. in Anatolië. 'n Tiental jare was hy in voortdurende stryd gewikkel, ook weer in die weste, waar 'n opstand in Asdod uitgebreek het maar dié is onderdruk (Jes. 20:1).

Azuri, die koning van Asdod, het geweier om langer tribuut aan Sargon te betaal en ander konings uit sy omgewing aangespoor om ook so te maak. Sargon het toe Azuri afgesit en 'n jonger broer van Azuri, Ahimitti tot koning oor Asdod aangestel. Die mense van Asdod (Hittiete noem Sargon hulle) was hiermee egter nie te vrede nie en het 'n Griek tot koning uitgeroep. Sargon het toe sy generaal Tarton na Asdod gestuur. Die Griek het toe na Egipte, wat toe aan Etiopië behoort het, gevlug maar die koning van Etiopië het hom verraai en aan Sargon uitgelewer.

Die mededeling in II Kon. 18:8 dat Hiskia die Filistyne verslaan het, moet ons met hierdie gebeurtenisse in verband bring.

Die Filistyne het voor dieselfde keuse gestaan as bv. Pekah en Resin en Agas, nl. of hulle vyandig teenoor Assirië sou optree of meer vriendskaplik, soos Agas gedoen het. Die sleutelvraag van die politiek van daardie tyd was of 'n koning pro- of anti-Assiries sou optree. 'n Koning soos Hanun van Gasa was natuurlik uitgesproke anti-Assiries, maar as Sargon hom gevange neem en 'n opvolger aanstel, dan is dié gedwonge om pro-Assiries te wees. So iets kan ons ook in Asdod verwag. Hiskia was die steun vir die anti-Assiriese partye, al het hyself

lank buite skot gebly; die Assiriese leërs het altyd westelik langs Jerusalem getrek en die sterke vesting in hulle flank gehad. Ons sal die optrede van Hiskia teen die Filistyne moet plaas in tye waarin die Filistyne pro-Assiries was; dus, na die slag by Raphia of na die onderdrukking van die opstand in Asdod. Hiskia het dan hulp verleen aan die anti-Assiriese partye wat dan 'n tyd lank in die geheim moes woel.

Die reg om soveel te lees in die paar woorde van II Kon. 18:8, ontleen ons aan mededeling van Sanherib, waaroor ons nog sal handel, mededeling waaruit blyk dat Ekron ook daarby betrokke was en dat Hiskia hom daarmee regstreeks bemoei het.

Eers in 710 het Sargon die hande vry gekry om op te trek na Babel, na Merodag Baladan. Hierdie keer het die Elamiete hulle vriende in die steek gelaat. Merodag Baladan moes vlug en die oud-Babiloniese party het Sargon verwelkom as die bevryder van die Chaldese onderdrukking. Intussen was Sargon so versigtig dat hy hom nie as koning van Babel opgewerp het nie dog slegs as stadhouer.

In 705 sterf Sargon, waarskynlik onder moordenaarshande.

Die troonswisseling van konings wie se mag op geweld berus het, het altyd moeilikhede meegebring. Dit was ook die geval by die troonsbeklimming van Sanherib. Sargon het die magtige ryk afgerond en georganiseerd agtergelaat. Alleen Juda was nie onderworpe nie en om so te sê, semi-independent, sinds Agas. Maar as Sanherib optree, kom die swak plekke terstond aan die lig. Een daarvan was die Assiriese mag oor Babel.

Merodag Baladan kom weer uit sy Seelande te voorskyn, verbind hom weer met die Elamiete en word weer koning van Babel (703).

Sanherib het dus by die begin van sy regering voor dieselfde moeilikhede gestaan as sy vader by sy troonsbeklimming. Maar Sanherib was voorspoediger in die oorlog: hy het Merodag Baladan verslaan. Dit was die laaste slag wat Merodag Baladan nie weer te bo gekom het nie.

Hiermee was die moeilikhede tussen Assirië en Babel nog nie ten einde nie, maar Sanherib het kragtig opgetree. Hierdie optrede het uitgeloop op die grondige verwoesting van Babel deur Sanherib in 689; dus lank na die dood van Hiskia. Sanherib het ook geen tempel gespaar nie; hy het die Mardoekbeeld uit Babel na Assur gebring en Babel se "heilige aarde" op skepe laat wegvoer. Hierin gee hy ook blyke van religieuse haat (Jes. 21:9).

In hierdie jare hoor ons niks meer van Merodag Baladan nie. Ons het hom ook alreeds ontmoet in die tyd van Tiglat-Pileser en nou, na sy tweede koningskap oor Babel, kon hy nie meer jonk gewees het nie. Sy rol was uitgespeel.

Kort nadat Merodag Baladan vir die tweede keer uit Babel verjaag is, trek Sanherib na die lande aan die Middellandse See. In die noorde het die Sidoniërs opstandig geword, in die suide die Filistynse stede. Tot hierdie veldtog behoort die inval in Juda, 701. Die manne wat 'n brief en 'n geskenk van Merodag Baladan gebring het, het dus gekom vóórdat Sanherib Jerusalem bedreig het, al word dit in Konings en in Jesaja vertel na die berig oor die inval in Juda. Ons sal hierdie koms moet plaas of in 703, of nog tydens Sargon, toe Merodag Baladan ongeveer twaalf jaar lank koning was van Babel.

In die Filistynse moeilikhede het Hiskia weer die hand gehad. Hy was, as seun van Agas, vasal van Assirië, maar, sê II Kon. 18:5, hy het in opstand gekom teen die koning van Assirië en hom nie gedien nie. Oor hierdie oproerighede, waaroor die Ou Testament nie spreek nie, hoor ons nadere besonderhede in Sanherib se eie inskripsies. Ons het nou met ons oorsig oor die politiek van Hiskia se tyd uitgekome by die feite van II Kon. 18 en 19. Voor ons nou hierdie hoofstukke en die gelykluidende uit Jesaja en Kronieke gaan bespreek, wil ons eers luister na wat Sanherib self vertel van sy inval in Palestina.

VII. Die derde veldtog van Sanherib

Sanherib het baie skriftelike opsommings van sy daade laat opstel. Bekend is die muurinskripsie by Bavian, 'n plek ten noorde van Nineve, waar figure meer as 15 voet hoog uitgebeitel is. Die inskripsie daarby vertel onder meer van Sanherib se verwoesting van Babilon en moet dus dateer uit die laaste jare van sy lewe. Verder is gevind 'n inskripsie by die puinhope van Nineve en drie prisma's, ook gevind by Nineve, wat nou in die Britse Museum is. Die prisma's is van gebakte klei. Al die inskripsies is nou versamel en vertaal en dus tot ieder se beskikking.

Ons stel veral belang in een van die drie prisma's, die seskantige Taylorprisma, wat ses kolomme skrif, elk van ongeveer tagtig reëls, bevat. In die begin van die inskripsie word eers beskryf hoe 'n voortreflike man en koning Sanherib is. Hy is deur Asur (sy god) begiftig met 'n onvergelyklike koningskap. Wat Assiriese konings dikwels doen, doen Sanherib nie: hy vermeld nie die naam van sy vader nie. Op die einde van Sargon se lewe het daar 'n groot verwydering tussen vader en seun ontstaan.

Na hierdie inleiding volg die beskrywing van agt veldtogte. Die eerste was gerig teen Merodag-Baladan, die koning van Babel, en sy Elamitiese bondgenote. Dit was die suksesvolle begin van Sanherib se regering. Sanherib vertel dat Merodag-Baladan sy laer verlaat het, op sy eentjie gevlug het en sy lewe kon red. Maar ons stel nou die meeste belang in die derde veldtog, die tog na die weste, waartoe die inval in Juda onder die regering van Hiskia behoort.

Sanherib vertel soos volg (II. 34 en v.): Op my derde tog het ek na Hattuland gegaan (uit die vervolg blyk, dat met Hattuland hier die lande langs die Middellandse See bedoel word. Die eerste plek waar hy aankom is Sidon). Die vrees vir my verskriklike heerskappy het Luli, die koning van Sidon, lamgeslaan. Hy het ver weggevlug oor die see en 'n smadelike dood gesterf. Die vervaarlikheid van die wapens van Asur, my Heer, het Groot-Sidon, Klein-Sidon, Bit Zitti, Saryptu, Mahalliba, Usju, Aksib, Akku, sy ommuurde vestings, plekke met voedsel- en watervoorsiening vir sy garnisoene, oorweldig, sodat hulle hulself aan my voete onderwerp het. Ek het Tubaal (=Etbaal) oor hulle op die koninklike troon geplaas en belasting, die tribuut verskuldig aan my heerskappy, jaarliks sonder onderbreking betaalbaar, het ek hulle opgelê. (Etbaal van Sidon is dus aangestel in die plek van Luli en vasalkoning van Sanherib). Ryke geskenke, hul groot onderwerpingsbetonings(?), tot vier maal toe (vier jaar agtermekaar?) het Minhim van Simuruna, Tubaal van Sidon, Abdili'ti van Arvad, Urumilki van Gebal (Byblos), Mitinti van Asdod, Budu-ilu van Bit-Ammon, Kammusunadbi van Moab, Aja-rammu van Edom, almal konings van Amurru (die Westland) voor my gebring en hulle het my voete gekus. (Die nadering van Sanherib het dus tot in wye omtrek stede en konings laat bang word; nie net die Fenisiese stede nie, maar selfs Ammon, Moab en Edom. In die naam van die koning van Edom herken ons die Edomitiese godenaam, Kamos (I Kon. 11:7). Dit is dus 'n teofore eienaam. Van die Filistynse stede word alleen Asdod genoem, wat onder Sargon gestraf was (}es. 20:1). Juda word nie genoem nie!) Maar Sidqa, die koning van Askalon, wat hom nie aan my juk onderwerp het nie — (van hom) het ek die gode van sy vaderlike huis, homself, sy gemalin, sy seuns, sy dogters, sy broers, die nakomelingskap van sy vaderlike huis, ontvoer en na Assirië gebring. (Askalon het dus volhard in verset, maar moes daarvoor duur betaal. Alles word weggevoer, ook die godebeelde. Dit doen Sanherib graag! Verder die hele koninklike geslag. Almal gaan as gevangenes na Assirië). Ek het Sjarruludari die seun van Rukipti, hulle vorige koning, oor die inwoners van Askalon aangestel en hom die aan my heerskappy verskuldigde belasting opgelê. (In Askalon het dus die anti-Assiriese party die oorhand gekry, die pro-Assiriese Sjarruludari verjaag en 'n anti-Assiriese partyleier het koning geword. Sanherib herstel die vorige toestand. Sjarruludari het

by die nadering van Sanherib seker uit sy skuilplek te voorskyn gekom.) Op my verdere tog het ek Bit-Dagon, Jap-pu (Joppe), Banajabarqa, Asuru, stede van Sidqa, wat hulle nie spoedig aan my onderwerp het nie, beleer, ingeneem en geplunder. Die magistraat, vorste en inwoners van Ekron, wat Padi, hulle koning, 'n bond- en eedgenoot van Assirië, met ysterboeie gebind het en aan Hiskia van Juda vyandiglik uitgelewer het ('n andere teks voeg hierby: wat hom teen alle reg as 'n vyand gevange gehou het) — hulle hart was bang weens die misdaad wat hulle gedoen het. (Sidqa se bondgenote is oorrompel voordat hulle van houding verander het. Ekron het blykbaar met Askalon saamgespan. Die anti-Assiriese party daar het Padi, wat 'n getroue vasal van Assirië was, afgesit en Padi het nie kans gehad om te ontvlug nie. Die nuwe bewind — 'n leier word nie genoem nie — het hom gevang en uitgelewer aan Hiskia en in Jerusalem het Padi gevange gesit. Ekron het Jerusalem beskou as 'n veilige plek waaruit Padi nie sou kan verlos word nie. Nou sien ons hoe 'n daadwerklike aandeel Hiskia gehad het in die politiek van sy dae!) Toe het hulle die konings van Egipte, boogskutters, waens, perde van die koning van Meluhhi (Etiopië), ontelbare troepe, te hulp geroep en dié het hulle kom help. In die omgewing van Altaku (Elteke) het hulle slagorde opgestel en hulle wapens gewy(?). Met die bystand van Asur, my Heer, het ek met hulle slag gelewer en hulle die nederlaag toebring. Die waenowerste en die seuns van die koning van Egipte en die waenowerste van die koning van Meluhhi het ek in die slag lewendig gevang. Elteke en Tamna (Timna) het ek beleer, ingeneem en geplunder. (Egipte kom nou help, maar weer tevergeefs. Toe Sargon daar geopereer het, het hy die Egiptenare by Raphia verslaan; Sanherib verslaan hulle by Elteke. Die teks spreek van konings van Egipte. Hulle is die deltakonings wat onder Etiopiese hegemonie gestaan het, onder koning Shabaku. Hy het ook van sy eie Etiopiese troepe gestuur maar self nie op die toneel verskyn nie). Na Ekron het ek opgetrek. Die magistraat, die vorste wat die opstand bewerk het, het ek doodgemaak en hulle lyke aan pale rondom die stad opgehang. Die manne uit die stad wat aan die misdadige opstand aadadig was, het ek gevange geneem. Die origes wat nie skuldig was aan oortreding en skandade nie en wat sonder sonde was, het ek vrygespreek. (Nadat die Egiptenare verslaan is, moet Ekron gestraf word. Almal word egter nie gestraf nie. Dit blyk dat Sanherib weet wie die leiers was van die anti-Assiriese party. Hulle het hy gedood en hulle volgelinge as gevangenes weggevoer. Maar die aanhangers van die pro-Assiriese party het hy ook geken en hulle nie gestraf nie.) Padi, hulle koning, het ek uit Jerusalem laat uitkom en oor hulle tot koning gemaak. Die belasting wat aan my heerskappy verskuldig was, het ek hom opgelê. (Hierdie woorde skep die indruk dat Sanherib in Jerusalem was om Padi te verlos. Ons weet dat dit nie die geval was nie. Waarskynlik moet ons dit so opvat dat Hiskia bang geword het en Padi daarom losgelaat het. Hy het dit dan gedoen onder Assiriese bedreiging. Met 'n bietjie bluf druk Sanherib hom dan so uit: "Ek het Padi uit Jerusalem laat uitkom". Padi is toe deur Sanherib as skatpligtige koning aangestel.) Wat Hiskia, die Judeër betref, wat hom nie aan my juk onderwerp het nie — ek het 46 van sy vestings en die talryke kleinere plekke in die omgewing daarvan met stormramme en muurbrekers, daarna met aanvalle te voet deur die bresse en skeure, beleer en ingeneem. Twee-honderdduisend en honderd-en-vyftig mense, groot en klein, man en vrou, perde, muile, esels, kamele, beeste, skape, te veel om te tel, het ek saamgeneem as buit. (Hier sien ons watter skade Sanherib in die land van Juda aangerig het. Met nadruk word gesê dat Hiskia hom nie onderwerp het nie.) Homself (nl. Hiskia) het ek in Jerusalem sy residensie ingesluit soos 'n voel in 'n kou. Skanse het ek teen hom opgewerp en hom belet om uit sy stadspoort uit te gaan. (Volgens hierdie woorde het Sanherib Jerusalem beleer.) Tot straf vir sy misdaad het ek sy stede, wat ek verower het, van sy land afgesny en aan Mitinti, koning van Asdod, Padi, koning van Ekron, Sil-Bêl, koning van Gasa, gegee. Op dié manier het ek sy gebied verklein. Behalwe die vorige las van die skatting van hulle lande het ek die tribuut wat aan my heerskappy verskuldig is, verhoog en hulle opgelê. (Van Juda het volgens hierdie berig nie veel meer as Jerusalem self oorgebly

nie. Die vasalvorste kry gebiedsuitbreiding, maar verhoging van tribuut!) Vrees vir my verskriklike heerskappy het Hiskia lam geslaan; die huur- en keurtroepe wat hy in Jerusalem ingeneem het, het ontrou geword. Dertig talente goud, agt-honderd talente silwer, edelgesteentes, antimoon, kosbare stene, rusbedde en armstoele van ivoor, olifantsvelle, ivoor, ebbehout, palmhout, alle moontlike goedere, 'n groot rykdom, sy dogters, sy haremvroue, sangers en sangeresse, het ek later na my laat bring in Nineve, my residensiestad. 'n Gesant het hy gestuur om geskenke te oorhandig en onderdanigheid te betuig.

Hiermee eindig die beskrywing van die derde veldtog. Op sy vierde veldtog gaan Sanherib na Bit-Jakin, die stamland van Merodag-Baladan.

Dit is belangrik om op te merk wat Sanherib nie vertel nie. Hy vertel niks van 'n groot ramp in sy laer nie. Maar hy vertel ook nie dat hy Jerusalem ingeneem het nie. Ons weet dat dit ook nie gebeur het nie. Maar Sanherib maak baie ophef van wat hy dan wel gedoen het. Hierin sal dan wel oordrywing skuil. Tog kan ons daaruit opmaak dat Hiskia in 'n baie benoude situasie verkeer het. In 'n paar ander tekste lees ons in kortere berigte oor dieselfde gebeurtenisse dat Sanherib Luli van Sidon verjaag het en Etbaal in sy plek koning gemaak het; dat hy Juda verwoes het en die spoggerige, trotse Hiskia onder sy juk laat buig het. Ook hierby kan ons opmerk dat, gesien in die lig van die Bybelse verhaal, hierdie mededeling met 'n korreltjie sout geneem moet word, maar ook dat Juda en Hiskia daar nie sonder kleerskeure afgekóm het nie, wat trouens ook blyk uit die Bybelse verhaal. Interessant is die karakterbeskrywing van Hiskia wat ons in hierdie kortere beriggies kry: Só het Sanherib die koning van Juda, wat op die HERE vertrou het, beskou! Intussen het Hiskia hom ook laat verlei tot politieke bemoeiinge wat ongetwyfeld meegewerk het tot die moeilikhede waarin hy beland het.

VIII. Die Bybelse verhak van die inval van Sanherib

// *Konings 18:13-19:37, 11 Kronieke 32:1-23, Jesaja 36 en 37.*

Op drie plekke in die Ou Testament word hierdie geskiedenis verhaal: In die boek Konings, hfst. 18:13-19:37; in die boek Kronieke, hfst. 32:1-23 en in Jesaja, hfst. 36 en 37. Die breedvoerigste verhaal vind ons in die boek Konings; die kortste in die boek Kronieke. Die verhaal van Jesaja is in wese dieselfde as dié uit Konings, net hier en daar iets korter. Hoewel die verhaal van Kronieke die kortste is, vertel dit enkele dinge wat nie in Konings staan nie, soos Konings meer vertel as Jesaja. Die vernaamste uitbreidings het betrekking op wat onmiddellik aan die inval voorafgaan.

Ook op ander plekke in die profesieë van Jesaja (hfst. 5; 10; 22) word lig gewerp op die situasie waarin Jerusalem toe verkeer het.

Die Bybelse verhale bevat baie stof. Hulle vertel van gebeurtenisse wat aan die aanval van Sanherib op Jerusalem voorafgaan, van die herhaalde snoewerye van die rabsake, van die reaksies van Hiskia, van die optrede van Jesaja, van die verlossing deur die HERE.

Nou word ons wel getref deur die ooreenkoms tussen die berig van Sanherib en die Bybelse berigte. Reeds die enkele feit dat 'n Bybelse verhaal so bevestig word deur profane berigte word dankbaar deur ons opgemerk, nie om die waarheid van die Skrif daarop te laat rus nie, maar omdat die waarheid van die Skrif daardeur wel bevestig word. Tog moet ons hier nie dink in terme van gelykwaardige historiese berigte. Ons staan hier by alle ooreenkomstigheid tog voor 'n diepgaande verskil. Ek bedoel nie dat aan die een kant die Bybelse verhale en aan die ander kant die profane berigte soveel eie besonderhede bevat, dat ons voor die vraag kom te staan hoe die een berig in die lig van die ander een verstaan moet word nie. Ek bedoel die verskillende karakter van die tweërlei berigte, hulle agtergrond. Die Bybelse verhale en die profane berigte handel oor dieselfde feit. Groot is egter die verskil in strekking en doel van die berigte. Selfs wat betref, ja, juis wat betref die godsdienstige strekking — want dit ontbreek ook nie in Sanherib se woorde nie, soos ons sal sien, is daar diepgaande verskil. Die Bybelse verhale is meer dan mededeling van feite, maar openbaring van God se mag, van God se raad, van God se geregtigheid. Die Bybelse verhale toon vir ons ook die geloofsweg van die vrome en sy verlossing in benarde tye. Ook dit is openbaring!

Ons wil nou die verskillende onderdele van die Bybelse verhale nader besien.

IX. Die voorafgaande gebeurtenisse

// *Kronieke 32:1, 11 Konings 18:14-16.*

Die verhaal begin in Konings en in Jesaja met dieselfde woorde: In die veertiende jaar van koning Hiskia het Sanherib, die koning van Assirië, opgetrek teen al die versterkte stede van Juda en dit verower, nl. die stede.

Hierdie beginvers is verpletterend in sy situasietekening. Eintlik sluit dit in dat ook Jerusalem verower is. Tog blyk later dat dit nie die geval was nie. Die vers gee 'n algemene situasietekening sonder vermelding van besonderhede. Uit die algemene situasietekening blyk intussen duidelik hoe ernstig die toestand was. Sanherib se eie verslag stem hiermee ooreen: Hy het 46 van Hiskia se vestings beleer en ingeneem. Die beskrywing van Juda in Jes. 1:5-8 pas sekerlik op hierdie omstandighede.

Die situasietekening waarmee Kron. 32:1 begin, is nie heeltemal so somber nie; daar skemer 'n enkele ligstraal deur. Dit spreek alleen van beleëring met die bedoeling om dit vir hom te verower of soos daar eintlik staan: Sanherib het gedink, by homself gesê, dat hy die stede vir hom sou "oobreek".

Ook gee Kronieke nog 'n besondere trek in sy situasietekening. In Jesaja kom Sanherib, om so te sê, onverwags uit die lug geval. Konings het ten minste in die voorafgaande verse vertel van Assirië se optrede (teen Samaria) en ook dat Hiskia in opstand gekom het teen die koning van Assirië en dat hy hom nie gedien het nie. In hierdie lig is die optrede van Sanherib nie so onverwags nie. En in die lig van die profane berigte, waaruit ons weet van Hiskia se ingrype in die politieke verhoudinge, veral van die Filistynse stede, is die verskyning van Sanherib in Suid-Palestina selfs te verwagte.

Die besondere trek wat Kronieke in sy situasietekening invleg, is egter van 'n heel andere aard. Dit is, in ooreenstemming met die karakter van hierdie boeke, van suiwer religieuse aard: Na hierdie dinge (dit is die reformasie van Hiskia) en hierdie bewys van getrouheid het Sanherib Juda binnegedring en die vaste stede beleer en bedoel om hulle vir hom te verower. Woordeliks word tussen dié twee dinge generlei verband gele nie, nl. tussen die reformasie en die inval. Wanneer ons egter in ons gedagte vra of dit nie vreemd is dat die **HERE** Hiskia na sy bewys van getrouheid pla met so 'n groot dreiging, dan lê ons alreeds 'n verband.

Nou is daar sekerlik verband, maar nie tussen die reformasie en die binnedring van Sanherib nie, maar tussen die reformasie en die hele geskiedenis van Sanherib se optrede met sy beskaamde aftog daarby ingesluit. Die Kroniekskrywer laat sien dat God sy volk wat tot Hom teruggekeer het, verlos. Dit word nou eintlik een geskiedenis, die reformasie en die verlossing van die "gereformeerde" volk. Daarom staan daar: Sanherib het "bedoel". Dit is die skemerende ligstraal! Sanherib het die stede verower, maar kon hulle na sy beskaamde aftog tog nie hou nie!

Na hierdie inleidende vers vertel Kronieke dat Hiskia Jerusalem gaan versterk het.

Konings vertel iets gans anders, wat nie in Jesaja staan nie en wat ook aan die versterking van dié stad moes voorafgegaan het: Hiskia het hom aan Sanherib onderwerp! (II Kon. 18:14—16). Dit was dus sy eerste reaksie op die aanval van Sanherib. Hy stuur gesante na Lagis, waar Sanherib laer opgeslaan het, om Sanherib te versoek om hom nie verder te benou nie, maar van hom af weg te trek; Hiskia sal dan alles gee wat Sanherib van hom vra. Sanherib het Hiskia daarop tribuut opgelê tot 'n bedrag van driehonderd talente silwer en dertig talente

goud. 'n Talent is die grootste gewigseenheid in die ou Ooste. Dit is sestig minas, en 'n mina is vyftig sikkels, 'n Sikkels is iets meer as 'n halwe ons. Sonder om dit alles te wil of te kan bereken — waardes wissel mos altyd — kan ons wel sê dat dit 'n baie groot bedrag was. Hiskia moes daarvoor paleis en tempel, wat reeds deur sy vader Agas beroof was (II Kon. 16:8), letterlik kaalstroop.

Merkwaardig is die woorde wat Hiskia aan Sanherib laat oorbring: "Ek het gesondig". Ons dink by die woord "sondig" terstond aan sonde teen God. Ons moet egter onthou dat Sanherib hierdie woord ook gebruik as hy spreek van die opstande teen sy gesag in die Filistynse stede met name in Ekron. So het Hiskia sy woorde ook bedoel. Teenoor Sanherib erken hy dat sy daad 'n rebelse optrede teen Sanherib was, wat tog deur die optrede van sy vader Agas sy "leenheer" was — om dit sag uit te druk. Tog kom die vraag by ons op of Hiskia met sy optrede waarvoor ons op vorige bladsye gespreek het, inderdaad gesondig het, d.w.s. of hy iets gedoen het wat ook verkeerd was in die oë van die HERE, dan wel of hy die woord sondig alleen maar gebruik in onderworpe aanpassing aan die begrippe van die heerssugtige Sanherib. As die laaste die geval is en sy handeling die goedkeuring van die HERE weggedra het, is sy gesantskap na Lagis eintlik as 'n daad van vreesagtigheid en ongeloof te beskou. Hierby kom ons by 'n belangrike kant van Hiskia se politiek, nl. by die vraag hoe God daarvoor gedink het. Die antwoord op hierdie vraag moet ons kry uit uitsprake van die profeet van daardie tyd — van Jesaja.

Dié uitsprake skyn nie eensluidend te wees nie.

Aan die een kant het Jesaja altyd gewaarsku teen "wêreldse politiek". Veral het hy gewaarsku teen vertroue op Egipte. Ons het gesien dat Egipte die teenpool van Assirië was; dat Egipte altyd gestook het onder die kleinere state om hulle teen Assirië op te hits en by Rafia en Elteke selfs militêre hulp gebied het, maar sonder sukses. Maar Jesaja het ook Agas gewaarsku teen hulp van Assirië. Jesaja verkondig sowel die ondergang van Assur (30:27 en v.) as van Egipte (hoofst. 31). Die volk moet net op sy God vertrou. Ten tyde van die inval van Sanherib staan Jesaja egter aan Hiskia se sy en bemoedig die koning in sy benarde posisie. Maar dit is nie met die vorige instryd nie! In die teenstelling Assirië teenoor Juda staan Jesaja aan die kant van sy volk.

'n Ander saak is egter Hiskia se optrede in die Filistynse land. Het hy nodig gehad om dit te doen? Hierby moet ons opmerk dat Hiskia se suksesvolle optrede daar, in II Kon. 18:8, gereken word tot die daad waarin die HERE met hom was. Hy het die Filistynse gebied verower tot Gasa toe — Gasa was die suidelikste van die Filistynse stede — "van wagtoring af tot versterkte stad", d.w.s. hy het alle versterkings, van die kleinste tot die grootste, bemeester.

Maar hou die opsomming nou ook in dat elk van die daade die goedkeuring van die HERE weggedra het? Ook as Hiskia hom so diep insteek in die politiek van sy tyd en pro-Assiriese konings afsit en pro-Egiptiese help?

Ek dink dat, soos so dikwels maar die geval is, hier die kwade by die goeie ingesluip het. Hiskia se verset teen Assirië het hy onderneem in vertroue op sy God. Hy het sy ryk gereinig van godsdienstige onsuiverheid; hy wou sy ryk ook bevry van politieke ellende. En dit was 'n gesonde verlange. As Hiskia nou ook teen die Filistyne optrek, kon hy daarmee bedoel het om sy grense teen die nabure te beveilig. Maar hierin het hy seker te ver gegaan deur bv. Padi gevange te neem. Hy het Padi dan ook weer moes loslaat! Wanneer hy dit gedoen het, weet ons nie. Die verslag van Sanherib sê dit ook nie presies nie. Ons kan ons nie anders voorstel dan dat toe Hiskia vir Sanherib laat weet het "ek het gesondig" hy Padi reeds losgelaat het, want die bewaring van Padi in Jerusalem was wel een van sy swaarste "sondes" teen

Sanherib. En God het dit ook nie met sy seën bekroon nie!

Dat Hiskia die knieval voor Sanherib moes doen, is sekerlik hieraan te wyte dat hy hom in die "wêreldse" politiek te diep ingemeng het. En as hy sê "ek het gesondig", het sy gewete hom daarvoor seker ook 'n bietjie gepla. Dit hou egter nie in dat aan Assirië vergun sal word om oor Juda te heers nie. As Sanherib na die geskenke tog voor Jerusalem verskyn en Hiskia alle verwagtings alleen op die HERE bou, dan is daar ook verlossing!

X. Die versterking van Jerusalem

II Kronieke 32:2-8.

Die boek Kronieke vertel ander dinge wat ook onmiddellik aan die aanval van Sanherib voorafgegaan het, maar tog moes plaasgevind het nadat Hiskia die bodes na Lagis gestuur het. Dit is die versterking van Jerusalem (II Kron. 32:2-8).

Ons kan hierby onderskei tussen negatiewe en positiewe maatreëls. Die negatiewe word eers genoem. Dit is die toestop van die fonteinoë buitekant die stad. Ook is die spruit wat dwarsdeur die land stroom onbruikbaar gemaak. So 'n spruit is daar eintlik nie, tensy aan die Kidron te denke is wat dwarsdeur die bergland na die Dooie See stroom. Dit is natuurlik gedoen sodat die koning van Assirië, as hy kom, nie water vir sy troepe sou vind nie. Die fonteinoë wat toegestop kon word, is die Gihon (nou die Mariabron), die fontein van Rogel (verspiedersfontein? of bleikersfontein? nou die Jobsbron.) Verder af was daar nog die fontein Semes (Sonfontein) — sien Jos. 15:7. Natuurlik moes die stad self wel voorsiening van water hê. Maar daarvoor het Hiskia gesorg! Hoe die watervoorsiening in die ou Jerusalem ingerig was, is moeilik na te gaan. Ons lees van een Onderste Dam — daar was ook 'n Boonste Dam, Jes. 7:3 — van 'n Ou Dam en van 'n dam tussen die twee mure (Jes. 22:9-11). Aan die einde van die beskrywing van die lewe van Hiskia gee sowel Konings as Kronieke 'n oorsig van sy daede, waarin ook van waterwerke gemaak word. In II Kon. 20:20 lees ons dat Hiskia "die dam en die watervoor gemaak en die water in die stad gebring het". Hierdie berig word aangevul deur dié van Kronieke: Hiskia het die boonste uitloop van die waters van die Gihon toegestop en dit na onder toe gelei, westelik na die stad van Dawid (II, 32:30). Die woorde "dit gelei na onder toe" word verklaar deur die berig uit Konings dat hy "die watervoor gemaak het". Hoe hy dit gedoen het, het pas in die vorige eeu geblyk toe die Siloamtonnel gevind is, 'n ondergrondse watervoor wat die water uit die Gihon, wat, deur dat die boonste uitloop toegestop was, gedwing was om 'n ander uitweg te soek, kon lei na die dam van Siloam. Die werksmense wat hierdie werk gedoen het, het dig by die uitgang 'n beskrywing van hulle werk gegee. Van twee kante af is die graafwerk onderneem en onder die grond het die werkers mekaar ontmoet. Hulle sê ook in die inskripsie in die wand van die tunnel dat die tunnel 1200 elle lang is en honderd el onder die oppervlakte. Latere opmetings het die lengte gestel op 1749 voet, verder dat die tunnel byna ses voet hoog was en 'n verval gehad het van ruim sewe voet. So het Hiskia die water "in die stad gebring". Buitekant die muur was die Gihon wat aan die Oostelike helling van Sion geleë was, verstop, maar binnekant kon die water uit die dam geput word.

Hierdie werk het Hiskia reeds gedoen voordat die dreiging van Sanherib so akuut geword het. Dit het 'n langer tyd geneem en moet gereken word tot die knapste "ingenieurswerke" van die volk Israel.

Die positiewe maatreëls wat Hiskia geneem het ter beveiliging van sy stad, is in die eerste plek die herstelwerk aan die stadsmure: "hy het die hele muur opgetrek wat afgebreek was". Die mure van Jerusalem was dus in 'n slegte toestand. In die verlede het Joas, die koning van Israel, 'n oorwinning behaal op Amasia, die koning van Juda en vierhonderd el van die muur van Jerusalem afgebreek. Ons kan ons egter moeilik voorstel dat die muur daar so gele het tot die tyd van Hiskia toe, veral omdat Ussia en Jotam, die grootvader van Hiskia, aan die mure van Jerusalem gewerk het (26:9; 27:3). Ook was die beleg van Jerusalem deur Peka en Resin sonder resultaat (II Kon. 16:5). Ons sal die berig oor Hiskia se herstelwerk wel in dié sin

moet verstaan dat Hiskia die hele muur herstel het op alle plekke waar daar verval en skeure (Jes. 22:9) was. Vervolgens het Hiskia op die herstelde muur torings gebou en ook 'n ander muur buitekant gebou. Dit is die sg. tweede muur. Vermoedelik vertel die kroniekskrywer hier van bouwerke wat nie tegelyk plaasgevind het nie. Vir die kompleete bou van 'n tweede muur was daar onder die onmiddellike dreiging van Sanherib nie tyd nie. Sowel die aanleg van die tunnel as van die tweede muur sou Hiskia laat doen het in die voorafgaande jare toe hy so uitgesproke anti-Assiries opgetree het. Ook het hy "Millo in die stad van Dawid" versterk, 'n Millo is 'n burg of kasteel. Sigem het ook so 'n vestingwerk gehad (Rig. 9:6, 20). Die Millo in die stad van Dawid was daar reeds toe Dawid die bergvesting Sion ingeneem het (II Sam. 5:9). Dit is in sy eerste begin 'n Kanaänitiese bouwerk met 'n Kanaänitiese naam. Verder het Hiskia vir bewapening gesorg en werpspiese en skilde in menigte laat maak. Jesaja, wat dit alles belewe het, sê daarvan: "Julle kyk na die wapens in die Huis van die Bos" (22:8). Dit is 'n gebou wat Salomo laat optrek het, "die Huis van die Libanon-bos", 'n groot gebou van honderd by vyftig el en gemaak van sederpilare, sederstamme van 30 el hoogte. Vier rye sederstamme wek die indruk van 'n bos! Die gebou is gebruik om wapentuig daarin te bêre.

Ook die waterwerke en bouwerke het Jesaja aanskou en hy sê daarvan: "Julle sien die skeure van die stad van Dawid, dat hulle baie is, en julle vang die waters van die Onderste Dam op. En julle tel die huise van Jerusalem en die huise breek julle af om die muur te versterk. En julle maak 'n dam tussen die twee mure vir die water van die Ou Dam ..." (Jes. 22:9, 10).

Die materiaal wat benodig was vir die vinnige herstelwerk, kon nie van ver gehaal word nie. Huise is gemonster, opgeëis en afgebreek om die mure met die klippe daarvan te versterk.

Verder is die leer gereorganiseer en krygsowerstes aangestel.

Dit was alles "stoflike" maatreëls. Maar Hiskia het besef dat in oorlogstyd die "gees" van soldate en burgers ook goed moet wees. Hy het die psigologiese kant ook raakgesien en sy mense moed ingesprek. Die moed het hy geput uit sy vertroue op die HERE. Die mag van Sanherib mag vreeslik lyk, maar by ons, sê Hiskia, is meer as by hom: by hom is 'n vleeslike arm, maar by ons is die HERE onse God.

Hier sien ons weer die vroomheid van Hiskia, 'n vroomheid wat stand hou in tye van gevaar, 'n vroomheid waarvan krag uitgaan, want die manskappe het gesteun op die woorde van Hiskia!

Tog wil dit nog nie sê dat heel Jerusalem so 'n opregte vroomheid ten toon gesprei het. Dit blyk uit wat Jesaja sien in die stad, uit wat hy sien met sy profetiese insig. Jerusalem, die rumoerige, woelige, uitgelate vesting is wel besig om die mure te versterk, maar julle kyk nie na Hom wat dit gedoen het nie, en Hom wat dit lankal beskik het, sien julle nie. Jesaja sien dat die ywer van die volk 'n ywer is sonder Godsvertroue, sonder kennis aan Hom wat sy volk in die benarde posisie bring.

Jesaja het geprofeteer van die koms van die Assiriër. Hy wis dit kon nie uitbly nie. Die HERE fluit vir hulle! Kyk, daar kom hulle:

Geen vermoeide en geen struikelende is onder hulle.
Hulle sluimer of slaap nie.
Die gord van hulle heupe word nie losgemaak nie
Die riem van hulle skoene breek nie
Wie se pyle skerp is en al hulle boë gespan
Die pote van hulle perde is soos 'n klipsteen
En hulle wiele soos 'n stormwind
Hulle gebrul is soos dié van 'n leeuin

Hulle brul soos jong leeus en maak gedreun
en gryp die prooi en sleep weg
sonder dat iemand red. (Jes. 5:26-29).

En hoe reageer die volk op die dreigende gevaar?

Kyk, daar is vreugde en vrolikheid
Beeste word doodgemaak en skape geslag,
Vleis geëet en wyn gedrink.

Ligsinnig is die lewe in Jerusalem! Hulle sien nie op die HERE nie! Hulle lag die gevare weg
in 'n feesroes, want... more sterf ons! (22:13).

Die reformasie van Hiskia — nou intussen ook al 'n kwarteeu gelede — het op die
opgroeiende geslag geen vat gehad nie. Maar die Assiriërs kom:

Hy oorval Ajat.
Hy trek deur Migron.
In Migmas laat hy sy pakgoed agterbly.
Hulle trek oor die nek.
Laat Geba ons nagverblyf wees.
Rama bewe
Gibea van Saul vlug
Skreeu dit uit, dogter van Gallim
Luister, Lais.
Arme Anatot!
Madmena vlug,
Die inwoners van Gebim soek skuiling.
Nog vandag staan hy in Nob
Hy swaai sy hand teen die berg van die dogter
van Sion
teen die heuwel van Jerusalem (10:28-32).

XI. Die woorde van die rabsake

// Konings 18:17-37. // Kronieke 32:9-19.

Miskien wel te midde van voorbereidings tot die verdediging van die stad verskyn die Assiriërs voor die mure van Jerusalem. Hulle kom nou van Lagis af. Daar het Sanherib sy laer opgeslaan. Dit blyk ook hieruit dat Hiskia die bodes wat met 'n boodskap van verootmoediging na Sanherib moet gaan, na Lagis stuur. Om daar sy laer te kan opslaan, moet Sanherib eers Lagis verower het. In die Bybelse verhaal lees ons dit nie, maar dit blyk uit Assiriese inskripsies, in dié geval muurreliefs met byskrif, gevind in die ruïnes van Nineve.

Lagis was 'n baie ou vesting met groot strategiese waarde. Toe Josua by die intog in Kanaän Lagis ook beleer en ingeneem het (Jos. 10:31, 32), het Lagis reeds 'n lang geskiedenis agter die rug gehad. Die stad was suidwestelik van Jerusalem en oostelik van die Filistynse stede geleë, ongeveer waar die bergland van Juda oorgaan in die Laagte. Altyd was Lagis 'n grensvesting van Jerusalem, deur Rehabeam versterk, II Kron. 11:9, en nog in stand as Nebukadnesar Jerusalem beleer. Nou is Lagis egter tydelik in hande van die vyand.

Dat die Assiriërs voor die mure van Jerusalem verskyn, is nie volgens afspraak nie. Op Hiskia se voorstel dat Sanherib sou terugtrek van hom af weg teen betaling van 'n skatting deur Sanherib te bepaal, het Sanherib ingegaan en skatting bepaal en ook ontvang. Tog trek hy teen Jerusalem op! Die strateeg in hom was te sterk: Hy kon nie duld dat 'n sterk vesting soos Jerusalem in sy rug sou lê nie. Sanherib kom nie self nie, maar stuur die tartan en die rabsaris en die rabsake met 'n swaar leer. Die vreemde woorde is titels van militêre persone wat baie hoë range beklee het. Sargon het ook eenkeer 'n tartan na Palestina gestuur (Jes. 20:1). Dit was 'n opperbevelhebber in bevel van 'n leer. In die twee ander titels beteken "rab" groot of hoof van. "Saris" is die verhebbreusde vorm van 'n Assiriese titel van 'n regeringspersoon in die onmiddellike nabyheid van die koning. Die ou testament gebruik hierdie titel vir hoogwaardigheidsbekleërs in allerlei lande: Egipte; Gen. 37:36; Potifar word so genoem; Babel (II Kon. 20:18); Susan (Est. 1:10); selfs in Israel self, II Kon. 23:11, reeds in vroeë tye (I Sam. 8:15). Die titel is dan vertaal met "hofdienaar". Die "sake" het 'n paleisbetrekking gehad: Hy was 'n skenker, maar het blykbaar ook militêre bevoegdhede verkry.

Hoewel hulle 'n swaar leer saambring, word tog nie aanstonds tot oorlog oorgegaan nie. Hulle wil eers probeer om deur intimidasie hul doel te bereik. Daarom gaan die hoë offisiere staan by die watervoor van die Boonste Dam wat aan die grootpad van die Bleikveld lê. Dit is dieselfde watervoor waar Jesaja vroeër met Agas gepraat het (Jes. 7:3). Dit was toe aan die end van daardie voor, wat moontlik binne die mure geleë was. Die Assiriese offisiere staan natuurlik buitekant die muur. Daar was ook 'n Onderste Dam in Jerusalem. Waarskynlik was die Boonste in die Noorde, die Onderste in die Suide van Jerusalem geleë. Aan die noordekant van die stad was ook nie 'n dal, soos in die Suide nie, sodat die noordekant beter geleentheid aan die offisiere gebied het om met mense in die stad te praat as die suidekant.

Die mense wat die Assiriese offisiere sien verskyn by die muur, het na die koning geroep. Hy is die eerste wat dit moet weet. Dan verskyn daar uit Jerusalem ook drie manne op die muur, natuurlik deur die koning gestuur. Hulle is ook hooggeplaaste persone: een wat oor die paleis was, die skrywer en die kanselier. "Hy wat oor die paleis was" is die naaste aan die koning in rang. Obadja was dit van Agab (I Kon. 18:3). Dit was 'n posisie wat soms gelyk staan met ryksbestuurder of regent, soos in die geval van die melaatse koning Asarja en sy seun Jotam.

Ook Salomo het onder sy amptenare iemand gehad wat oor die paleis was (vgl. I Kon. 4:6). Ons kan so iemand "paleisvoog" of "hofmaarskalk", "hofmeier" noem. Hiskia se paleisvoog was dan Eljakim, die seun van Hilkia. Die skrywer was Sebna. Hy was nie 'n ondergeskikte klerk nie, maar 'n persoon met die waardigheid van 'n griffier.

Dit is opmerklik dat hierdie twee self de persone, Eljakim en Sebna, ook genoem word in Jesaja 22:15-25.

Ons het reeds gesien dat die profeet Jesaja in die eerste helfte van hfst. 22 die innerlik-ongodsdienstige houding van die mense in Jerusalem teken. In die tweede helfte kry Sebna, wat paleisvoog was, 'n afsonderlike vermaning weens sy weelderige en hoogmoedige leefwyse, wat in so 'n tyd van agteruitgang van die land heeltemal afkeurenswaardig was. Jesaja sê dat die HERE hom sal wegstoot uit sy pos en dat Eljakim sy plek sal inneem. Volgens ons verhaal het dit inmiddels gebeur: Eljakim is nou paleisvoog! Maar Sebna is nog skrywer! Miskien het die verdere vervulling van Jesaja se strafaankondiging later gekom. Intussen sien ons dat ook onder die hoogste amptenare persone was wat minder goed pas in die paneel van Hiskia se dignitarisse — tensy dit verskillende persone is wat dieselfde naam gehad het! Dis nie waarskynlik nie. Sebna word steeds Sebna, sonder die naam van sy vader, genoem. Hy was miskien 'n uitlander wat op 'n vreemde manier tot so 'n hoë posisie opgeklim het.

Die derde persoon wat die koning stuur, is Joa, die seun van Asaf. Hy is kanselier.

Hulle gaan uit na die Assiriese offisiere. Dit kan beteken dat hulle die poort uitgaan die ontmoeting te laat plaasvind. Maar ook dat hulle die paleis uitgaan na die plek op die muur waarteenoor die Assiriërs staan. Dit lyk vir my die waarskynlikste, want die gesprek kon gehoor word deur mense wat op die muur gestaan het (vers 26).

Die rabsake is die woordvoerder van die drie Assiriese afgesante. Met nadruk sê hy dat hy die woorde van die groot koning, die koning van Assirië, spreek en dat die drie staatsmanne wat op die muur verskyn het, sy woorde moet oorbring aan Hiskia. Dat dié ook 'n koning is, vind hy nie die moeite werd om te sê nie. Hy praat net van Hiskia.

Die rabsake begin deur te sê: "Wat is dit vir 'n vertrouwe wat jy koester?" Sy eerste stoot is 'n psigologiese stoot. Hy weet dat Hiskia vertrouwe het en dit is 'n belangrike faktor in moeilike omstandighede, ook in oorlogstye. Hiskia se vader, Agas, het geen vertrouwe gehad nie en daarom die hulp van die Assiriërs ingeroep. Die Assiriërs weet dat hulle nou met 'n ander man te doen het. Dit sien hulle hier deur dat hy die poorte gesluit hou. Maar hulle het dit anders ook wel geweet. Straks blyk dat hulle op die hoogte is van Hiskia se reformasie! Hulle het te doen met 'n man wat vertrouwe het, wat sy krag soek in iets buite hom. Dit is iets wat die Assiriër wel kon verstaan. Self het die Assiriese konings altyd op hulle gode vertrou. In hulle inskripsies lees ons dikwels dat hulle 'n veldtog onderneem in die krag van "Asur, my heer". Sanherib self het die uitdrukking ook gebruik. Nou wil die rabsake hierdie vertrouwe ondermyn. Daartoe vra hy: "Wat is dit vir 'n vertrouwe?" Is dit 'n deeglike vertrouwe wat op goeie gronde berus? So probeer hy die vertrouwe te laat wankel. Hy maak 'n senuweeoorlog! Hy sê dat die vertrouwe van Hiskia net in woorde bestaan. Maar met woorde kan 'n mens geen oorlog voer teen Assiriërs nie! Agter die rabsake staan die groot leer: waens en soldate, almal goed uitgerus, gereed om die aanval te begin. Hiskia moet weet wat hy doen! Met lippetaal, met praatjies, kan hy die saak nie red nie! Die tweede stoot van die rabsake is dat hy vra wat die grond van sy vertrouwe is: "Op wie vertrou jy nou dat jy teen my in opstand kom?" Hiskia word dus altyd nog as 'n rebel beskou, niteenstaande die feit dat hy skatting betaal het. Sanherib negeer dit. Die gesluite poorte van Jerusalem hinder hom, dit bly vir hom 'n gevaar, 'n tekortkoming in sy anders so suksesvolle veldtog.

Twee moontlikhede noem die rabsake op. Hiskia se vertrou kan berus op Egipte. Dis die eerste moontlikheid. Hiermee begeef die rabsake hom op politieke terrein. Hy sê dat dit dwaas is om op Egipte te vertrou. Hierin het hy gelyk. Sanherib het mos op sy tog na die Suidweste van Palestina die Egiptiese troepe by Elteke verslaan. Hy vergelyk Egipte met 'n staf wat gemaak is van 'n rietstengel met 'n knak daarin. Dit is 'n gepaste beeld. Egipte is die land van die riet. En Egipte se hulp was gedurig teleurstellend van aard, ook later nog in die dae van Nebukadnesar. Toe het Esegïël dieselfde beeld gebruik om Juda te waarsku teen vertrou op Egipte (29:6). Egipte was die teenspeler teen die groot magte uit die Noorde, maar moes telkens swig vir daardie vyand. Is dit dus die geval, so wil die rabsake sê, dat julle op Egipte vertrou, dan is dit 'n dwase politiek!

Maar daar is ook 'n ander moontlikheid: Dit is dat Hiskia op die HERE sy God vertrou. Hiermee kom die rabsake op religieuse terrein. Hy weet van Hiskia se reformasie en sê: "Is dit nie Hy wie se hoogtes en wie se altare Hiskia verwyder het nie, deur aan Juda en Jerusalem te sê: Voor hierdie altaar in Jerusalem moet julle buig?" Dit het inderdaad gebeur. Die rabsake is goed ingelig. Tog het hy nie die regte insig in Hiskia se reformasie nie. Hy bekyk dit met heidense oë en meen dat Hiskia sy God 'n slegte diens gedoen het deur sy hoogtes en altare af te breek en deur aan Juda en Jerusalem te sê dat hulle almal na Jerusalem moet kom om daar te buig voor die altaar. Hy weet nie dat die sentralisering van die erediens heeltemal volgens die bedoeling van die HERE was nie (Deut. 12). So gesien, maak die rabsake dus 'n fout! Hy meen dat die HERE toornig op Hiskia sal wees en in die gedagtegang wil hy dan aantoon dat ook hierdie vertrouensgrond van Hiskia, nl. die HERE, geen waarde vir Juda het nie. Tog hoef die woorde van die rabsake daarom nog nie sonder uitwerking te wees nie. Sy woorde vind weerklank by dié mense wat nie heelhartig met Hiskia se reformasie saamgestem het nie en geheg gebly het aan die baie ou instelling van die hoogtediens. So kon sy woorde ontevredenheid en verdeeldheid saai binne die mure van Jerusalem en dit sou die "gees" van die mense in die stad breek.

Na hierdie psigologiese en religieuse spekulasies gaan die rabsake oor na die harde werklikheid deur 'n vergelyking te maak tussen sy mag en dié van Hiskia. Sy mag bestaan veral in strydwaens. Dit was die "tenks" van die ou tyd! En wat het Juda? Het Hiskia perde? Perde nog ruiters! "Wed tog met my heer, die koning van Assirië, so spreek die rabsake met eerbied oor Sanherib, en ek sal jou tweeduisend perde gee as jy vir jou ruiters daarop kan lewer". Vermoedelik het Hiskia hulle nie gehad nie! Met geringskatting van Hiskia se mag sê die rabsake dat die kleinste stadhouer in die Assiriese ryk sterker is as Hiskia. Met hierdie grootspraak wil die rabsake Juda vreesagtig maak. En dan val hy weer terug op die moontlikheid dat Hiskia op Egipte vertrou: Hiskia self het nie perde en ruiters nie, maar hy verwag dat Egipte strydwaens en perderuiters sal stuur!

Ons weet dat dit nie die grond van Hiskia se vertrou was nie. En wat betref die hoogtediens én wat betref Egipte, maak die rabsake 'n vergissing. Vir Hiskia self het sy woorde daardeur baie aan krag verloor. Maar vir die mense op die muur bly dit gevaarlike woorde. En dit geld ook van wat nou volg. Die rabsake, dus Sanherib, beweer dat hy ook nie sonder die HERE optrek teen Jerusalem nie, maar juis op bevel van die HERE! Die eerste gedagte wat ons by hierdie woorde kry, is dat dit 'n leuen is. Tog is die gedagte nie heeltemal juis nie. Assirië is 'n tugroede in die hand van die HERE (Jes. 10:5). As die HERE vir hulle fluit, dan kom hulle (Jes. 5:26). Dit is intussen geen vleierende beeldspraak vir die Assiriërs nie! Hulle is soos afgerigte diere!

Maar het die Assiriërs dit geweet? Het die Assiriërs die profesieë van Jesaja geken? Dis nie onmoontlik nie; nie deur dat hulle dit gelees het, maar deur mondelinge berigging. Uit wat die rabsake al eerder gesê het, kan ons aflei dat hy op die hoogte was van wat in Jerusalem

aangaan en van "strominge" daar onder die mense. Die Assiriërs het ook hulle inligtingsdiens gehad. Die Assiriërs kon geweet het van Jesaja, al het hulle in hom dan ook maar 'n politieke adviseur gesien. Op hierdie gronde kon die rabsake dan wel sê dat die HERE hom gestuur het. Natuurlik het die Assiriër sy taak verkeerd verstaan. Hy het hom nie gewillig in die diens van die HERE gestel nie; nie needrig gevra: hoever wil die HERE dat ek gaan nie. Nee, in sy hart was die gedagte om te verdelg en om nasies uit te roei, nie min nie (Jes. 10:7). Hy het 46 stede van Juda geneem. Maar dat hy Jerusalem nie sou kry nie, dit het hy nie geweet nie! Intussen kon sy woorde juis om die gedeeltelike waarheid daarvan, Jerusalem in verwarring bring. Die drie staatsmanne van Hiskia het dit gevoel en daarom meen hulle dat hulle nou die rabsake in die rede moet val.

Hulle vra dat die rabsake nie Joods met hulle moet praat nie, maar Aramees. Joods, of eintlik "Judees", is die taal van die mense in Jerusalem (sien ook Neh. 13:24). Gewoonlik noem ons die taal van die Israeliete Hebreeus, maar hierdie benaming kom nie in die Ou Testament self voor nie, eers in latere Joodse geskrifte (die Misjna). By "Hebreeus" dink ons dan aan 'n taal wat deur die hele volk in die hele land gespreek is. Die naam "Judees" wek die gedagte aan 'n kleiner taalgebied. Dat verskil in dialekte bestaan het, is bekend in die Nuwe-Testamentiese tyd — sien Matth. 26:73 en vergelyk ook die verskillende weergawe van Jesus se kruiswoorde in Matth. 27:46 en Markus 15:34, maar blyk ook vir die Ou-Testamentiese tyd, bv. uit Rig 12:6.

Ons merk op dat die Assiriese offisiere Joods kon praat. Hier blyk dat hulle in elk geval op taalkundige gebied 'n sekere geleerdheid gehad het. Nou versoek die staatsmanne van Hiskia dat hulle liever Aramees moet praat, sodat die manne wat op die muur staan en luister, hulle nie kan verstaan nie. Aramees is 'n sustertaal van Hebreeus en was oorspronklik beperk tot kleinere gebiede. Deur die verspreiding van die in getal sterke Arameërs het ook die gebruik van die Aramese taal hom uitgebrei; ten slotte het dit die taal geword waarin die verskillende volke van die Ou Ooste kontak met mekaar gehad het, eers op handelsterrein en daarna ook in politieke sake. Enkele gedeeltes van Esra en Daniël is in Aramees geskrywe. Ons kan sê dat Aramees die diplomatieke taal geword het. Die versoek van Eljakim wys reeds in dié rigting. Aramees was toe nog nie so algemeen dat iedereen dit kon verstaan nie. Die meer ontwikkelde offisiere sou dit egter wel kon verstaan.

Eljakim wil nie hê dat die volk alles verstaan wat die rabsake sê nie. Maar die rabsake wil dit juis wél! Dit behoort tot sy "senuweeoorlog". Hy antwoord dat hy juis die manne wat op die muur sit, wil bereik om aan hulle duidelik te maak dat hulle net so goed as Eljakim en Sebna en Joa "hulle eie drek kan eet en hulle eie water kan drink". Met hierdie triviale woorde sinspeel hy op die gebrek aan voedsel en drinkwater wat in die stad by 'n beleëring sal ontstaan. Daarmee wil hy die manne afskrik en ontmoedig. Hy rig hom nou spesiaal en hardop tot die manne in die Joodse taal; nie om hulle te bedreig nie, maar om hulle met skoon skynende voorstellinge tot oorgawe te verlei. Dit was vir die Assiriërs tog altyd geriefliker dat 'n stad hom vrywillig oorgee! Daarom probeer hy om die vertroue van die volk in sy koning te skok. Hulle moet nie na Hiskia luister nie, want hy bedrieg hulle. Dat die rabsake dit so herhaaldelik en met nadruk sê, toon aan dat hy wel oortuig was van die groot invloed wat Hiskia in sy stad gehad het. Daarom kom hy nou met skone voorspieëlinge. Dis beter, sê hy, om met Sanherib vrede te maak en vriendskap te sluit as om onder aanvoering van Hiskia 'n beleg te deurstaan.

"Vriendskap sluit" — dit beteken niks anders nie, as oorgawe en huldebetoon aan die koning van Assirië nie. Maar die woorde klink aanloklik. Die land van die ballingskap sal so goed en so mooi wees as hulle eie land. Die goeie Israeliet sal reageer met die bedenking dat God Kanaän vir hulle gegee het en dat hulle daarom vir hulle eie land lief is. Maar, so spieël die

ràbsake hulle verder voor, by die beleg kan julle omkom van honger en dors, maar as julle oorgee, sal julle lewe en nie sterwe nie. Veral vir die mense van die platteland van Juda, wat na Jerusalem gevlug het (II Kron. 32:9), lê in die woorde van die ràbsake iets aanlokliks, Hulle soek en begeer die landelike lewe, nie die opsluiting in die stad nie. 'n Huis met 'n waterput en 'n wingerdstok en 'n vyeboom — dit is 'n aantreklike beeld wat die ràbsake hulle voor oë hou.

Inderdaad is gedeporteerde volke na lande gebring waar hulle 'n nuwe bestaan kon opbou. Die bedoeling van die deportasiepolitiek was nie om volke te verdelg nie, maar om die volke te vermeng en lastige nasionaliteitsgevoelighede uit te wis.

Maar, so laat die ràbsake verder hoor, julle het darem tog nie 'n vrye keuse nie. Julle moet wel vriendskap met my sluit; julle moet wel alle verset laat vaar, want my mag kan nie weerstaan word nie. Met feite uit die verlede bewys die ràbsake dit. So baie stede is reeds deur die Assiriërs verower. Hy noem verskillende op. Daar is ten eerste Hamat — eenkeer die noordelikste grens van die koninkryk van Israel (I Kon. 8:65). Sargon het die stad verower. Arpad is al eerder deur Tiglat-Pileser verower. Ook Sefarvaim en Iwa is verower, want mense van daar is na die stede van Samaria gedeporteer. Die jongste voorbeeld wat die ràbsake kan noem, is Samaria. Dit het Hiskia belewe! Dat al die stede verower is, dat Assirië sterker was as hulle almal, is volkome waar. En dat daar vir Juda, vanuit die hoek gesien, bitter weinig hoop is, is ook waar. Maar nou begaan die ràbsake 'n gevaarlike fout! Hy praat van die gode van al die stede en sê dan: So min as wat daardie gode hulle mense kon red, so min sal die HERE Jerusalem kan red uit my hand." Daarmee stel hy die HERE op een lyn met die gode van die volke. Nou tas hy die HERE aan in sy eer. Nou kry hy regstreeks met die HERE, Israel se God te doen!

Die laaste woorde van sy grootspraak is gevaarlik vir homself!

Die mense op die mure het niks geantwoord nie. Dit was 'n bewys dat hulle weerstand bied aan die dreigende en ook verleidende woorde van die vyand en gehoorsaam is aan Hiskia wat gesê het: "Julle moet hom niks antwoord nie". Dit was 'n wyse raad van koning Hiskia. Die stilswye was 'n uitdaging en het tegelyk verhoed dat enige verkeerde woord gesê kon word. Die staatsmanne van Hiskia het egter baie geskrik vir die woorde van die ràbsake en met geskeurde klere, as teken van hulle ontsteltenis en verwarring, bring hulle rapport uit aan koning Hiskia. En ook hy skeur sy klere en bedek hom met 'n rougewaad, as hy verneem wat die ràbsake gesê het.

XII. Die optrede van Jesaja

// Konings 19:1-7.

Hiskia gaan na die tempel. Hy soek sy God, die God wat deur die vyand gesmaak is. Eljakim en Sebna, nou in geselskap van die oudstes van die priesters, stuur hy na Jesaja. Dit is die eerste keer dat ons lees van kontak tussen Hiskia en hierdie profeet. En by die reformasie van Hiskia en in hierdie noodtoestand van die stad skyn dit asof Jesaja op die agtergrond gebly het. Maar nou word hy deur Hiskia geroep. Reeds as kroonprins het Hiskia hom geken. Hy weet van die woorde van Jesaja tot sy vader Agas (Jes. 7:3 en v.). Tot hom gaan hy om raad.

In sy boodskap aan Jesaja maak Hiskia eers melding van die noodtoestand waarin Jerusalem verkeer. "Vandag" — sê hy — "is 'n dag van benoudheid en straf en lastering". Jerusalem is benoud deur straf en lastering. Die straf of tugtiging wat Hiskia in die omstandighede sien, kom van die HERE af. In hierdie insig van Hiskia lê die erkenning van sonde. Miskien het hy gedink aan sy politieke bedrywighede. Uit II Kron. 32:25 weet ons dat Hiskia ook hoogmoedig geword het. Dit kan verband hou met sy optrede in die politiek. Nie alleen teenoor Sanherib (18:14), maar ook teenoor die HERE, moes hy dit nou erken. Die lastering en smaad kom egter van die kant van Sanherib. Hy is die roede waarmee God straf, maar Sanherib is dit op 'n goddelose manier. Deur die optrede van Sanherib word die straf van God so krenkend. In dié sin kan gesê word dat Jerusalem dubbel ontvang vir haar sondes (Jes. 40:2). Die beeldspraak dat die kinders gekom het tot by die geboorte maar dat daar geen krag is om te baar nie, beteken dat juis op die moment dat daar krag nodig is, die krag ontbreek. Hiermee erken Hiskia dat hy en sy volk swak staan teenoor die geweldige oormag van die vyande.

Daar is egter nog 'n ander element in dié situasie: Die koning van Assirië het die lewende God gesmaak! En Hiskia hoop dat die HERE wat dit gehoor het, hom daarvoor sal straf.

Hiskia se versoek aan Jesaja is dat die profeet moet bid vir die oorblyfsel wat daar nog is. Na die verowering van 46 stede deur Sanherib kan die hoofstad met reg 'n oorblyfsel genoem word. Tog bedoel Hiskia sekerlik wel iets meer met hierdie woord. Hy het dit uit Jesaja se eie mond gehoor (Jes. 7:3; 10:20-22; 11:11). Dan toon hy dat hy 'n opmerksame en gelowige hoorder was na die woorde van die profeet en dat hy hom nou aan dié profesie vashou.

Jesaja het terstond 'n antwoord vir die dienaars van die koning gereed. Hy word nie soos 'n eensame kluisenaar deur die boodskap van Hiskia opgeskrik nie. Hy het saamgeleef met sy volk; hy het lankal gebid en ook alreeds antwoord van die HERE ontvang. Die antwoord van die HERE lê klaar in sy mond: So moet julle jul heer antwoord: So spreek die HERE ... Dan volg die verlossende antwoord: "Vrees nie vir die woorde wat jy gehoor het, waarmee die dienaars van die koning van Assirië My gelaster het nie". Dit het die HERE gehoor. Dit het Hom gekrenk. Hiskia het gehoop dat die HERE die koning van Assirië daarvoor sou straf. Die eer van die HERE self was op die spel! Maar die HERE laat hom nie belaster of minag nie. In 'n kort en kragtige voorsegging toon die HERE sy almag: "Kyk, Ek sal 'n gees in hom gee dat hy 'n gerug hoor en na sy land terugtrek en Ek sal som in sy land deur die swaard laat val"

Twee dinge lê in die antwoord van die HERE opgesluit. Ten eerste 'n onmiddellike verlossing: Sanherib sal terugtrek na sy land. Ten tweede 'n gerusstelling met die oog op die toekoms: In sy land sal God hom deur die swaard laat val. Dit het eers baie later gebeur (sien vers 37).

Die onmiddellike verlossing sal deur die HERE op 'n besondere manier bewerk word; deur

wat ons sou kan noem „'n kleinigheid". Nie deur wapengeweld of magsbetoon nie, nee, deur 'n gerug. Ons mag hierin seker 'n teenstelling sien met die harde en grootpraterige woorde van die rabsake. Vir die HERE beteken dit alles so min dat hy dit met 'n kleinigheid in duie kan laat val. 'n Gerug is altyd iets vaags. Sanherib sal niks sien of seker weet nie. Hy hoor 'n gerug. Feitlik moet 'n gerug bevestig word deur nadere berigte of feite (Vgl. bv. I Kon. 10:7). Maar Sanherib gaan die juistheid van die gerug nie ondersoek nie: Hy word terstond bang en trek na sy land terug. Ons moet in hierdie verband onwillekeurig aan die woorde van Elifas dink waarmee hy die psigiese toestand van die goddelose skets:

Al sy dae leef die goddelose in angs,
ja, al die jare deur, wat vir die tiran bepaal is.
Skrikgeluide is in sy ore;
in volle vrede oorval die verwoester hom.
Hy glo nie dat hy uit die duisternis sal terugkeer nie
en hy is bestemd vir die swaard. (Job 15:20-22).

Hierdie uitspraak is woord vir woord op Sanherib toepaslik!

Daar kom nog iets by: Die HERE sal 'n gees in hom gee dat hy 'n gerug hoor. Ons kan byna vra: Was daar wel eers 'n gerug? Was dit nie enkel angstige verbeelding nie? Die HERE werk deur 'n geestelike mag en veroorsaak daardeur dat hy 'n gerug hoor. Op dié manier maak die HERE hom angstig en ongerus sodat hy na sy land terugkeer. Hoe nietig word nou die magtige brallende Sanherib!

Tog kon daar so 'n gerug gewees het. Wat dit was, word nie gesê nie. Dit kan egter verband hou met Tirhaka van wie ons lees in vers 9. Ons moet trouens straks nog opmerk wat eintlik die rede van Sanherib se terugtog was.

XIII. Weer boodskappers na Hiskia

// Konings 19:9-13.

In vers 8 van hfst. 19 word, na die voorafgaande verhaal van Hiskia se reaksie (vers 1-7), die verhaal aangaande die rãbsake verder vertel. Die laaste wat ons van hom gehoor het, is dat hy geen antwoord kry op sy toespraak tot die volk op die mure van Jerusalem nie. Nou lees ons dat hy teruggaan. Die woordjie "daarop", waarmee vers 8 begin, beteken in geen geval dat die terugkeer plaasgevind het ná die voorspelling van sy terugtog in vers 7 nie. Eintlik moes die woordjie "daarop" kursief gedruk staan, want dit is deur die vertaler ingevoeg. Daar staan net: En die rãbsake het teruggedaan, nl. nadat hy die toespraak gehou het. Hy was dus alreeds op die terugweg na sy heer toe terwyl in Jerusalem koning Hiskia bid in die tempel en hulp by Jesaja vra.

Daar staan nie vermeld of hy teruggaan met of sonder die swaar leer waarmee hy gekom het nie. Waarskynlik het die leer rondom Jerusalem gebly. Die bedreiging bly dreig terwyl die rãbsake die negatiewe uitslag van sy dreigemente aan sy koning gaan rapporteer. Dat hy dit gaan doen, wys op 'n sekere aarseling in die Assiriese optrede. Ons kon verwag het dat, as Hiskia nie oorgee nie en die poorte van Jerusalem nie oopgaan nie, die rãbsake onmiddellik die bevel tot die aanval sou gee. Tog het dit nie gebeur nie. Die beleëring van 'n sterk vesting soos Jerusalem is 'n groot tydrowende onderneming, veral as in die stad 'n moedige bevolking is wat hom nie laat intimideer nie. Die beleëring van Jerusalem later deur Nebukadnesar het ongeveer twee jaar geduur! Beleëraars kan groot verliese ly, ook al neem hulle 'n stad ten slotte in. Daar kom by dat Sanherib nie net met Jerusalem te doen het nie.

Die rãbsake is vanuit Lagis deur Sanherib gestuur, maar terwyl hy van Jerusalem af teruggaan, verneem hy dat sy heer teen Libna veg. Na Lagis moes dus ook Libna nog geneem word. Dit was ook 'n vesting uit die tyd van die Kanaãniëte en deur Josua verower (Jos. 10:29, 30) en ingelyf (Jos. 15:42). In die dae van koning Jehoram het Libna afvallig geword (II Kon. 8:22). Hiskia het die stad blykbaar weer onderwerp en tot 'n vesting gemaak, wat nog weerstand gebied het teen die Assiriërs.

Die Bybelteks vermeld hier weinig besonderhede, maar gee die indruk dat, terwyl die rãbsake by Sanherib te Libna is om rapport uit te bring, die koning van Assirië aangaande Tirhaka, die koning van Kus, hoor sê dat hy uitgetrek het om teen hom te veg. Dit is dan vir hom aanleiding om terstond weer boodskappers na Hiskia te stuur. Moontlik is wat Sanherib hoor sê het die gerug waarvan die HERE deur Jesaja gespreek het, maar dit het nou nog nie die gevolg dat Sanherib terugtrek na sy land nie.

Wie is die nuwe figuur wat hier so plotseling optree, Tirhaka die koning van Kus? Ons kan hóm vergelyk met Merodag Baladan van wie ons reeds vertel het. Hulle was tydgenote (toe Merodag Baladan al ouer was, was Tirhaka nog jonk!) en beide vyande van Assirië. Beide was politieke avonturiers wat soms groot suksesse behaal het; beide het in hul neerlae kans gesien om aan die hande van hul vyand te ontsnap; beide het ten slotte, na baie avonture, in hul stamlande as bejaarde manne gesterf; Merodag Baladan in Bit-Jakin, Tirhaka in Kus. Kus is die teenwoordige Nubië, deur die klassieke Etiopië genoem. Die land lê ten Suide van Egipte en sy bewoners was nogal donker van vel (Jer. 13:23. Sien ook Num. 12:1). Van die ou tye af was Kus onderworpe aan Egipte, maar ongeveer in dieselfde tyd dat die volk Israel twee ryke gevorm het, Israel en Juda, het die Kusiete hulself vrygeveg en later selfs die hële Egipte verower. Hulle word getel as die 25e of Kusitiese dinastie en Tirhaka was een van

hulle konings. In die tyd van Sanherib was Tirhaka nog nie koning van Egipte nie. Hy het sy loopbaan begin in Napata, die hoofstad van die vrygevogte Nubië, vervolgens mag gekry in Benede-Egipte (Suid-Egipte), daarna ook in Boven-Egipte (Noord-Egipte). In ons geskiedenis word hy dus heeltemal korrek koning van Kus genoem. Die verowering van Egipte deur die opvolgers van Sanherib het tegelyk die end van die Kusitiese dinastie beteken. Tirhaka was meer as eens in bloedige botsings met Esarhaddon, die seun en opvolger van Sanherib. Esarhaddon het gesterf op 'n veldtog teen Tirhaka. Ook die opvolger van Esarhaddon, "die groot en beroemde Asnappar" Esr 4:10 (Assurbanipal), het nog met Tirhaka te doen gehad, maar toe het Tirhaka oud en moeg geword.

Intussen sien ons dat Tirhaka 'n te vrese vyand was. As Sanherib van hom hoor, stuur hy weer boodskappers na Jerusalem, met dieselfde doel as waarmee die rabsake gekom het: om te intimideer; Die boodskappers van Sanherib — waarskynlik ander manne as die rabsake en sy geselskap (18:17) — kry die opdrag om aan Hiskia, wat nou die koning van Juda genoem word, te sê: "Laat u God op wie u vertrou, u nie bedrieg nie deur te sê: Jerusalem sal nie in die hand van die koning van Assirië oorgegee word nie". Die rabsake het vir die mense uit Jerusalem gesê dat hulle hul nie deur Hiskia moet laat bedrieg nie. Nou is die boodskap dat Hiskia hom nie deur sy God, op wie hy vertrou, moet laat bedrieg nie. Nou is dit dus God wat bedrieglike woorde spreek. Die rabsake het ook geweet van 'n dergelike uitspraak (18:30). Die nuwe boodskappers roer dieselfde uitspraak aan. Hulle besef dat dit die kern van die verset van Hiskia is. Dit wil hulle breek. Net soos die rabsake, haal die nuwe boodskappers bewyse aan uit die geskiedenis om Hiskia sy hopelose posisie te laat insien. Weer word dieselfde stede genoem en ook nog andere: Gosan, 'n plek waarheen mense uit Israel gevoer is, 17:6; 18:11; blykens die opsomming hier was dit dus 'n onderworpe gebied. Verder word Haran genoem, die bekende stad uit Abram se trek, en Resef en Eden, beide suidelik van Haran (Amos 1:5; Eseg. 27:23). Omtrent Telassar kan niks met sekerheid gesê word nie.

Die boodskap van die tweede gesantskap is maar dieselfde as van die rabsake; net 'n paar stede meer word genoem; maar belangrik is tog dat nou God self as bedrieër voorgestel word.

Hiskia het die brief uit die hand van die boodskappers ontvang. Ons het nog niks van briewe gehoor nie. In Kron. (II, 32, 17) word dit tog wel vermeld. Om boodskappe per brief oor te bring was 'n veelvuldige gebruik. Die boodskapper moes die brief dan voorlees en daarna inhandig aan die geadresseerde. Omdat die boodskap nou in 'n brief staan, word Hiskia se koninklike titel nie verswyg nie, soos die rabsake gedoen het.

Dit is die laaste wat ons aangaande die boodskappers lees. Hulle het waarskynlik na Libna teruggegaan. Van enige daadwerklike poging om Jerusalem aan te val, lees ons niks nie. Dit is trouens ook nie met sekerheid te sê nie (so het ons bo reeds opgemerk), of die leër van Sanherib nog rondom Jerusalem lê of nie meer nie. Sanherib dreig maar net. En dit is sy laaste poging om iets te bereik. Sy posisie is ondanks al sy oorwinnings tog nie so baie gunstig nie: Libna het nog nie oorgegee nie! Hulle sê dat die koning van Kus in aantog is! En Jerusalem het koppig geweier om te swig vir die woorde van die rabsake! Moet Sanherib straks die wapens opneem teen Tirhaka met Libna en Jerusalem in sy rug? Daarom probeer hy nog een keer om Hiskia bang te maak.

XIV. Hiskia se gebed en verhoring

// Konings 19:14-34.

Ons geskiedenis vertel nou eers nie verder van Sanherib nie, maar wel van Hiskia.

Hiskia is wel onder die indruk van die Assiriese briewe, maar hy weet waarheen om te gaan. Hy gaan na die huis van die HERE en sprei die briewe uit voor die aangesig van die HERE. Die HERE weet wel wat Sanherib skryf. Hy het nie nodig om die briewe te lees nie. Dit weet Hiskia ook wel. Maar in hierdie sinnebeeldige handeling sien ons 'n blyk van sy geloof. Dit is die tweede keer in hierdie selfde noodtoestand dat Hiskia hom tot God wend. Die eerste keer deur middel van Jesaja. Nou gaan hy self bid in die tempel. Hy het reeds 'n antwoord ontvang (vers 6 en 7). Daardeur kan hy nou rustiger wees en meer verseker in sy vertroue. Hy het hierdie keer geen roukleed aangetrek en sy klere nie geskeur nie. Hy gaan nou bid dat die HERE wil doen wat hy deur Jesaja gespreek het. En daarom sprei hy die briewe uit voor die aangesig van die HERE. Sy voorstelling van God is kinderlik eenvoudig. Die HERE woon mos in die tempel op die gerubs? Daar kom Hiskia nou by Hom. Daar bid hy. Hy spreek God aan as die God van Israel wat op die gerubs troon. Alle volke het hulle gode. Israel se God is die HERE. Maar die HERE is nie soos die ander gode nie. Hy is anders, want Hy alleen is die God van al die koninkryke van die aarde en die Skepper van hemel en aarde. Die koning van Assirië is dus ook aan Israel se God, die HERE, onderwerpe! Na hierdie aanspraak volg die gebed: Die HERE moet aandag, volle aandag met oor en oë, gee aap die woorde van Sanherib. Nou praat Hiskia ook op sy beurt van Sanherib sonder meer, sonder titel of iets te noem. Voor Gods oë is die koning van Assirië niks anders as die mens Sanherib nie. En die mens Sanherib het dit gewaag om die lewende God te smaad. Dit moet die lewende God tog wel opmerk, opmerk met toornigheid!

Daar was iets in die woorde van Sanherib wat waar was, nl. dat die konings van Assirië die nasies en hulle land verwoes het en hulle gode, die godebeelde, in die vuur gegooi het. Dit kon gebeur omdat die gode van die volke geen egte gode was nie, maar werk van mensehande, hout en klip. Die moontlikheid dat die godebeelde tog sigbare simbole van onsigbare magte was, kom by Hiskia nie op nie. As Israeliet ken hy die verskil nie, want tot die godsdienste van Israel behoort nie beelde nie. In elk geval die gedagte aan enige godheid val so geheel saam met sy afbeelding in hout of klip dat mét die beeld die god vernietig word.

Die oorwinning op die heidense gode is dus, so bedoel Hiskia, van geen betekenis teenoor Israel nie — as dié HERE ten minste sy mag wil betoon! En dit is hou wat Hiskia vra. Én om die HERE daartoe te beweeg, doen hy 'n beroep op God se eie eer. As die HERE niks doen nie, sal die volke dink dat die HERE soos dié gode van die volke is. Maar as die HERE Israel verlos uit die hand van Sanherib, uit wie se hand geen ander volk verlos is nie, dan sal al die volke weet dat die HERE, die God van Israel, alleen God is. Om sy eie eer ontwil moet God Israel verlos. Sanherib het die God van Israel gelyk geag met die gode van die volke. Sal die HERE dit gedoog? — so vra Hiskia.

Die antwoord van die HERE op Hiskia se gebed word aan Jesaja gegee. Hy bring die antwoord aan Hiskia oor: So spreek die HERE: Wat jy tot my gebid het insake Sanherib, die koning van Assirië, het Ek gehoor. Daarin lê die verhoring opgesluit. Dit blyk uit wat die HERE nog meer sê. En dit word deur Jesaja ingeklee in skone digvorm. Die antwoord van die HERE, vir Juda bestem, is aan Sanherib gerig — hoewel hy dit nie hoor nie! Maar dit behoort tot die digterlike vorm.

Die jonkvrou, die dogter van Sion, verag jou, bespot jou;
agter jou skud die dogter van Jerusalem die hoof.
Wie het jy gesmaad en gelaster?
En teen wie het jy die stem verhef
en jou oë hoogmoedig opgehef?
Teen die Heilige van Israel!
Deur jou boodskappers het jy die HERE gesmaad en gesê:
Met die menigte van my waens
het ek die hoogte van die berge opgeklim
die uithoeke van die Libanon
en ek het sy statige seders,
die keur van sy sipresse omgekap
en deurgedring tot in sy diepste skuilhoeke,
sy bos wat is soos 'n tuin.
Ek het gegrawe en vreemde waters gedrink
en met my voetsole
laat ek al die Nylstrome van Egipte opdroog.

Het jy dit nie gehoor nie?
Van lankal het Ek dit gereedgemaak,
van die dae van die voortyd af beskik.
Nou het Ek dit laat kom,
dat jy versterkte stede kon verwoes tot puinhope
en hulle inwoners was magteloos,
het verskrik en beskaamd gestaan;
hulle was soos plante van die veld
en groen grassies,
soos gras op die dakke
en brandkoring voordat dit are skiet.

Maar Ek ken jou sit en jou uitgaan
en jou ingaan en hoe jy teen My raas.
Omdat jy teen My raas
en jou trotsheid opgekom het in my ore,
daarom sal Ek my haak in jou neus sit
en my toom tussen jou lippe
en jou terugbring met die pad waarmee jy gekom het.

In hierdie digstuk word die volk van Juda en Jerusalem gepersonifiseer as 'n jonkvrou (soos die Nederlanders van hul land en volk spreek as "de Nederlandse Maagd"). Die jonkvrou van Sion (=Sion) bespot Sanherib weens die mislukking van sy poging om Jerusalem tot oorgawe te dwing. Veral om sy smalende grootspraak is die dogter van Jerusalem (= Jerusalem) geneig tot spot. En wie het jy gelaster?

Die HEILIGE van ISRAEL!

Sanherib het gedink dat hy sy stem verhef teen 'n god onder die gode. Maar dit was 'n skroomlike vergissing!

Die grootspraak van Sanherib word in hierdie poëtiese stuk ook in digterlike bewoording weergegee. Libanon en sy bome is dikwels simbool van wat verhewe en groots is (Jes. 2:12; Jer. 22:6; Eseg. 31:3-1). Maar teen Sanherib was niks bestand nie. Trouens, ook in letterlike sin het hy, altans Assiriese konings, die Libanon bemeester. Hulle het met hul troepe oor

berge getrek, bome gekap en na Assirië getranspoteer vir die bou van paleise.

In dieselfde trant beweer hy dat hy ook die water laat doen wat hy wil: waar geen water is nie en hy het dit nodig, daar graaf hy dit op en dan drink hy "vreemde waters", d.w.s. ondergrondse water; waar water hom hinder, bv. by die deurtrek van riviere, daar laat hy dit opdroog. So sal die riviere van Egipte hom by die verowering van daar die land nie keer nie. Intussen het Sanherib nooit so ver gekom nie. Sy opvolgers wel. Assirië hét Egipte verower!

Op hierdie grootspraak gee God antwoord. Nou spreek nie meer die dogter van Sion nie; die HERE self neem die woord. Hy sê: Het jy dit nie gehoor nie? Met "dit" bedoel die HERE wat volg, nl. dat die suksesse van Sanherib te danke is aan die voorbestemming Gods. Van lankal af het Ek dit gereedgemaak, sê die HERE, en nou was dit die tyd dat Hy dit laat kom het. Sy optrede is nie eers sy eie werk nie! God gee dit vir hom. God gebruik hom vir die vervulling van sy raad. Hy is die roede van Gods toorn (Jes. 10:5) en daarom was die volke wat hy onderwerp het, magteloos. Kragtige volke en vorste word vergelyk met die Libanon en met seders. Die teenstelling daarvan is gras. So is die onderworpe volke, omdat God dit so wou hê.

Het jy dit nie gehoor nie? so vra die HERE. Dit beteken feitlik: Dit het jy nie geweet nie. Jy het jouself te veel verbeel, maar jy is maar 'n instrument in my hande. En omdat jy dit nie bedink het nie, het jy teen My geraas, teen My, wat jou gebruik! Ek weet wat jy innerlik dink (Jes. 7:10); daarom sal Ek my haak in jou neus sit en my toom tussen jou lippe en jou terugbring met die pad waarmee jy gekom het. 'n Haak in die neus — so maak vissers met gevange vis! (Job 40:20). So maak oorwinnaars ook wel met oorwonne konings. Afbeeldinge van sulke wrede metodes is wel in die Assiriese ruïnes gevind. God sal dit nou met Sanherib doen, so nie letterlik nie, dan tog figuurlik: sy terugtog (19:7) sal nie vrywillig wees nie, maar deur die bittere noodsaak van pynlike omstandighede.

Tot sover spreek die HERE tot Sanherib. Nou volg, weer in prosa, nog 'n boodskap vir Hiskia. Hy kry 'n teken: Twee jaar lank sal daar geen oes wees nie, ten gevolge van die ontreding van die land deur die Assiriërs, maar in die derde jaar sal die volk weer saai en wingerde plant en die vrugte daarvan eet. Dit is 'n teken waaraan Hiskia op daardie moment nie baie het nie. Vir die oomblik moet die boodskap van Jesaja genoeg vir hom wees vir die kort tyd van beproewing. Dit is, om so te sê, 'n teken, nie op 'n kort termyn nie maar op 'n lange: daar is nog 'n toekoms vir Juda! En by die belewing van die toekoms moet koning en volk aan hierdie woorde dink en besef dat hulle voorspoed niks anders is nie as 'n gevolg van die uitredding deur die HERE.

Omdat die HERE Juda sal verlos, sal van 'n bestorming van Jerusalem niks tereg kom nie. Hoogstens kan van 'n (kortstondig) beleg gesprek word, nl. toe die rãsbake met 'n swaar leer voor Jerusalem verskyn het. Toe was Hiskia wel ingesluit, soos Sanherib self meedeel in sy inskripsie. Maar van enige sukses teen Jerusalem swyg hy, nogal eerlik! — hoewel hy natuurlik ook swyg van die katastrofe waarmee sy veldtog geëindig het.

XV. Die verlossing

// Konings 19:35-7, // Kronieke 32:20-23.

Twee keer het Sanherib boodskappers na Jerusalem gestuur. Twee keer het die HERE op die gebed van Hiskia belofte van verlossing gegee (vers 7 en 33). Die vervulling van die beloftes het vinnig gekom: "In dieselfde nag".

Welke nag was dit?

Deur die lange digterlike profesie van Jesaja sou ons byna die draad van die verhaal kan verloor. Bedoel word dié nag wat volg op die dag waarop Sanherib sy tweede deputasie gestuur het. Dis nie onmoontlik nie dat die lange digterlike profesie met daarby die teken "op lang termyn,, nie op daardie selfde dag uitgespreek of opgeskrywe is nie, maar later. Hierdie stuk dra tog die kenmerke van besinning en oordenking. Toe dit opgeskrywe was, is dit in hoofstuk 19, dus op die regte plek, ingevoeg. Maar die verhaal van Sanherib vind na vers 20 sy onmiddellike voortsetting in vers 35.

Jerusalem was baie benoud. Maar die beloftes van verlossing het die angs verander in spanning van hoop. Nie lank duur die spanning nie: In dieselfde nag het die HERE 'n engel gestuur. In die boek Konings word gesê: Die engel van die HERE. In die lig van die bewoording van Kronieke moet ons daarby tog nie dink aan die besondere Engel van die HERE nie of Engel van die Verbond wat ook dikwels in die Ou Testament optree, bv. in die geskiedenis van Abraham en Jakob en Moses en baie ander persone. Maar 'n engel kom, net een engel, en hy verslaan in die laer van die Assiriërs al die dapper helde en bevelhebbers en owerstes van die koning van Assirië; dus die beste van sy troepe. So sê Kronieke. Konings noem die getal: honderd-vyf-en-tagtigduisend man. Dit 'n groot getal! Maar die Assiriërs het groot leërs gehad! En hulle vyande ook. Sanherib vertel in een van sy inskripsies dat hy honderd-en-vyftigduisend vyande in een veldslag vernietig het. Waar die vernietiging plaasgevind het, in die laer by Libna of dat nog 'n leer rondom Jerusalem agtergelaat was na die vertrek van die boodskappers, is nie seker nie; miskien wel op beide plekke! Dit hang saam met die vraag hoe die engel die verdelging van al die soldate bewerk het. Het hy hulle eiehandig gedood? Meestal word veronderstel dat 'n pes in die laer uitgebreek het en dat dit die middel was waarvan die engel gebruik gemaak het. Toe God Dawid gestraf het oor die sondige telling van die volk en 'n pes onder Israel beskik het, was dit ook 'n engel wat die verwoesting onder die volk moes aanrig. Dit kan ook hier die geval gewees het, maar daar word in die Bybelse verhaal niks daarvan gesê nie. Ek wil 'n ander veronderstelling waag. Ons moet by die rede van Sanherib se aftog nie vergeet nie dat die HERE gesê het: Hy sal 'n gerug hoor en na sy land terugkeer. Die gerug, wat dit dan ook mag wees, waarskynlik die gerug van die nadering van Tirhaka, moet die oorsaak wees. Nie net Sanherib het die gerug gehoor nie, maar dit is versprei onder sy troepe en dit het die soldate in 'n toestand van paniek gebring, veral in die nag na die dag waarop die gerug die ronde gedoen het. Dit kan wees dat die engel van die paniek gebruik gemaak het of selfs bewerk het.

So het dit ook gegaan met die Midianiete in die dae van Gideon: Die HERE het die swaard van die een teen die ander gerig. Die HERE werk hier met psigologiese middele. Eers maak hy, soos ons gesien het, Sanherib vreesagtig en dan die hele leer — waar dit hom ook mag bevind en in die nagtelike paniek het hulle mekaar aangeval. So iets kan hom in een nag afspeel, beter as 'n pesepidemie wat tog enkele dae vat. As ons in Jesaja 29 inderdaad ook 'n toespeling mag vind op ons geskiedenis, dan het die engel of die HERE deur die engel die

paniek nog erger gemaak deur donder en aardbewing en groot gedruis, wind en storm en die vlam van 'n verterende vuur, dit is bliksem (vers 6).

En as die angsnag verby is en hulle hul die more vroeg klaarmaak, was dit almal dooie liggame! Dit klink asof ons hier ook in die woorde van die geskiedskrywer iets hoor van die spot van die dogter van Jerusalem: Toe hulle opstaan was hulle dood! Nog erger klink die spot as ons letterlik vertaal: Was dit almal dooie lyke!

Groot en wonderlik is die verlossing, 'n ingrype van God self!

Wat staan vir Sanherib anders te doen as om weg te trek?

Hy het weggetrek, met beskaamde aangesig. Die snoewer is verneder. Hoogmoed kom voor die val!

In die boek Konings staan daarby (nie in Kronieke nie): Hy het in Nineve gebly. Dit kan beteken dat hy daar gewoon, geresideer het. Nineve was Sanherib se residensie in Assirië. Hy het van hierdie stad aan die Tigris baie gehou en dit groot en pragtig gemaak. Hy het in hierdie stad 'n skitterende nuwe paleis gebou. Op een van die mure daarin was 'n afbeelding van die bestorming van Lagis. Die stad het hy met mure en poorte versterk. Die werk het hy laat doen deur krygsgevangenes uit die oorwonne volke. So het hy 'n stad gebou wat 'n waardige teenhanger kon wees van Babel wat hy gehaat het.

Tog is die mededeling dat Sanherib in Nineve geresideer het in die verband nie veelseggend nie. Die woorde beteken meer, as hulle bedoel dat Sanherib Nineve nie weer verlaat het nie. Dit kan dan egter nie in 'n alte enge sin opgevat word nie, want Sanherib het Nineve nog dikwels verlaat om veldtogte te onderneem. Op sy seskantige prisma staan die inval in Juda vermeld by "die derde veldtog" en die prisma maak melding van agt sulke togte. In 689 het hy Babel verwoes! Daarom moet die woorde ruimer opgevat word, in die sin van: Hy het nie weer by Jerusalem teruggekom nie. Hierdie betekenis pas heeltemal in die verband. Tog lewer hierdie woorde ook dan nog 'n moeilikheid op. Historikusse wat die lewe van Sanherib uit die bronne beskryf het, meen dat daar rede is vir die opvatting dat Sanherib in 687 of 686 weer in die Weste en in die Suide van Palestina was en Libna toe beleer het; dat ook in daardie verband die opmars van Tirhaka moet geplaas word. In die Bybelse verhaal sou dan die twee gebeurtenisse, dié van 701 en die van 687 (686), in een verhaal saamgevoeg wees. 'n Argument is dat Tirhaka in 701 nog nie koning was nie. Ons het egter reeds opgemerk dat Tirhaka toe tog wel alreeds koning van Kus kon gewees het. So word hy ook in II Kon. 19:9 genoem. Daar is onsekerhede in die chronologie van Sanherib en ook in dié van Hiskia. Tog is daar besware om aan te neem dat die historieskrywers van die ou testament twee gebeurtenisse met mekaar sou verwar of tot een gesmelt het. In elk geval lees ons in die Ou Testament niks van 'n vernieude aanval van Sanherib op Jerusalem nie. Die berig dat Sanherib afgetrek het en nie weer voor Jerusalem verskyn het nie, ("hy het in Nineve gebly") moet as korrek aanvaar word.

Die verhaal van Sanherib se inval in Juda eindig met die mededeling dat Sanherib vermoor is. Dit het nie terstond gebeur nie, eers twintig jaar later. Maar die geskiedskrywer wou dit ook vermeld en wys op die sombere lewenseinde van die godslasteraar. Hy is boonop vermoor deur sy eie seuns. Hierop word nogal nadruk gele, sowel in Kronieke ("die wat uit sy eie liggaam voortgekom het") as in die oorspronklike berigte ("die nakomelingskap uit sy ingewande"). Die moord was sekerlik 'n skokkende gebeurtenis en getuig van paleistwiste en gesinsmoeilikhede omtrent die opvolging. Self het Sanherib in onmin met sy vader Sargon gelewe; nou word hy die slagoffer van die haat van sy eie seuns. Die haat is vermoedelik opgewek deur die bedoeling van Sanherib dat Esar-Haddon sy opvolger sou wees. In reeds enige tyd bekende oorspronklike berigte word gesprek van die vermoording van Sanherib

deur een seun van hom. Die Bybel spreek van twee seuns. Dit word bevestig deur berigte van Esar-Haddon, waarin hy spreek oor die geweldpleging van "sy broers". Die broers het hulle doel nie bereik nie. Die vader is gedood, maar hulle kon nie verhinder dat Esar-Haddon tog die troon beklim het nie. Hulle moes vir hom vlug.

Ook die plek van die moord op Sanherib word genoem: Die tempel van sy god Nisrog. Nou is ons in die Assiriese panteon geen god met dié naam bekend. By die oorneming van die Assiriese name in Hebreeus ondergaan hulle 'n vervorming — wat ook die geval is met die name van die moordenaars van Sanherib. Vermoedelik word Ninurta bedoel en is Sanherib vermoor in die Ninurtatempel te Kalag.

Treffend is die feit dat hy vermoor word tydens sy aanbidding van sy god. Religie, dit mag dan afgodiese religie wees, het kennelik 'n rol gespeel in Sanherib se lewe. Dit blyk reeds uit sy woorde voor die mure van Jerusalem. Dit blyk ook uit sy haat teen Babel (vers 6). Sy in die oë van die HERE sondige trou aan die gode van sy hart het hom gedryf na die plek waar sy lotsbestemming in bloedige vervulling sou gaan.

In skerpe teenstelling met die tragiese einde van Sanherib staan die glorie van Hiskia: En baie het geskenke aan die HERE na Jerusalem gebring en kosbare geskenke aan Jehiskia, die koning van Juda, sodat hy daarna in die oë van al die nasies hoog gestaan het.

XVI. Die siekte van Hiskia

// Konings 20:1-11.

Die verhaal van Hiskia se siekte en genesing word in Kronieke in een vers afgehandel (II, 32, 24). Konings vertel dit breër en Jesaja neem ook die lied van Hiskia op (Hoofst. 38).

Die aanduiding van die tyd waarop die siekte plaasgevind het, is baie vaag: "in dié dae". Omdat Hiskia by die belofte van sy genesing ook die belofte van redding uit die mag van Assirië ontvang, sal ons moet aanneem dat die siekte hom getref het voor die inval van Sanherib, want ná die nederlaag van Sanherib sou so 'n belofte weinig sin gehad het. As ons tydtabel (bl. 39) van die periode van Hiskia reg is en Hiskia in 699 gesterf het, dan val sy siekte 15 jaar eerder; dus in 714. Dit is dan gedurende die regering van Sargon en die rebellies van die Filistynse stede waarin, soos ons reeds bespreek het, Hiskia hom gemeng het (II Kon. 18:7 en 8). Assirië was in die tyd 'n dreigende gevaar vir Juda.

Die volgorde van die verhale is dan en in Konings en in Jesaja en in Kronieke nie chronologies nie. Die rede hiervan kan nie anders wees nie as dat die inval van Sanherib die allesoorheersende groot feit was in die regering van Hiskia; groot nie net in politieke opsig nie, maar ook in die heilshistorie: terwyl die koninkryk van Israel, juis in Hiskia se tyd, vernietig word, is daar vir Juda en Jerusalem nog 'n toekoms! Waarom? Ter wille van My — so sê die HERE — en ter wille van my kneg Dawid!

Tegelyk blyk hieruit dat Hiskia in die moeilike tyd van die aanvalle en dreiginge van Sanherib die belofte van verlossing reeds geken het. Dit het hom die krag gegee om hierdie swaar tyd gelowig en moedig deur te kom.

Blykens vers 7 was die siekte van Hiskia 'n sweer. Dit het sulke afmetinge aangeneem dat sy lewe bedreig is: hy het dodelik siek geword.

Terwyl Hiskia daar so lê met die dood voor oë, kom Jesaja by hom, ongeroepe, maar deur God gestuur met die boodskap dat hy inderdaad nie sal genees nie, maar sterwe.

Dit was 'n harde boodskap, op 'n harde manier oorgebring. Dit het Hiskia verbrysel. Daarby kry hy die opdrag, wat hom die werklikheid van die situasie skerp voor oë stel: Gee bevel aan jou huis, d.w.s. maak jou sake reg. Met "huis" word bedoel die familie en hul belange. Hy moet vir hulle vertel wat met hom te gebeur staan en hulle sê wat hulle te doen staan. Dit is te meer van belang omdat sy huis 'n koninklike huis is.

Nou word ons oor "die huis" van Hiskia min meegedeel. Ons weet alleen dat, toe later sy seun Manasse hom opgevolg het, hierdie seun nog maar twaalf jaar oud was. Tydens Hiskia se siekte was Manasse dus nog nie gebore nie. Of Hiskia ander (ouer) kinders gehad het, word wel vermoed op grond van Sef. 1:1, maar dis nie seker of die Hiskia wat daar genoem word, koning Hiskia was nie. Ook in vers 18 word gesprek van seuns wat nog gebore sal word. Die opdrag: Gee bevel aan jou huis, het dus vir Hiskia 'n besonder ernstige betekenis gehad. Die opvolgingskwessie was daarby betrokke! En nie alleen vir Hiskia persoonlik nie, maar, dit blyk uit die vervolg van die geskiedenis, ook vir God self wat hierdie harde boodskap laat bring. Die troonopvolging in Dawidiese lyn was in die geding.

Hiskia reageer op hierdie harde boodskap soos dit pas by 'n vroom gemoed. Ons ken sy vroomheid uit sy reformasie van tempel en tempeldiens. Ons moet die optrede van die HERE sekerlik beskou as 'n beproewing van Hiskia en God weet wat Hy met hierdie godvresende koning kan doen. Hiskia draai sy gesig na die muur — om sy aandag van alles af te lei en

ernstig te kan bid. Hy was nog jonk, ongeveer 40 jaar. Hy het nog gestaan "in die bloei van my dae" (Jes. 38:9), in die volle lewe, as teokratiese koning, ook as politikus in die staatkundige situasie van sy tyd. Hy wou graag bly lewe. Daarom het hy bitterlik geween. Sy voorvader Ahasia het in dieselfde omstandighede toornig geword (II Kon. 1) — Hiskia verootmoedig hom voor die HERE.

Opvallend is sy pleitrede: Dat hy voor God se aangesig in trou en met 'n volkome hart gewandel het en gedoen het wat goed is in God se oë. Sou ons nie liever sê nie: "Genade is al waar ons op pleit"?! Maar Hiskia pleit op die beloftes wat God aan die vromes gegee het. Die Ou Testament bevat baie van sulke beloftes. Ons noem Deut. 18:5 waar ons lees: Hou dan my insettinge en my verordeninge wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe. "Ek is die HERE", staan daarby. Dit is 'n verbondsbelofte. Daaraan klamp Hiskia hom vas! Hy het seker ook kennis gehad van uitsprake wat ons lees in Spr. 3:2 en 10:27 (sien ook by Spr. 25:1). As iemand uit "die ou bedeling" was dit vir hom die aangewese weg. Daarmee staan hy nie agter by ons wat meer van genade spreek nie. Ten slotte moet ons ook wees "daders van die woord". Hiskia was dit ook nie anders as deur die werking van Gods genade nie. Maar hy was dit! En hy het ook geweet dat hy agter sy werke om 'n Borg nodig gehad het (Jes. 38:14, sien ook vers 17).

Onmiddellik kry Hiskia verhooring. Jesaja is nog op pad om die paleis te verlaat — daar kry hy 'n ander boodskap van sy God: Draai om en sê vir Hiskia, die vors van my volk: So spreek die HERE, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor; Ek het jou trane gesien; kyk, Ek sal jou gesond maak; op die derde dag sal jy opgaan na die huis van die HERE.

Dit is 'n plotselinge verandering!

Van die kant van die HERE. Die eerste boodskap was om Hiskia te beproef. En Hiskia het die beproewing deurstaan.

Maar vir Hiskia was dit ook 'n skielike verandering. Terwyl sy oë nog vol trane is, sê die HERE: Ek het jou trane gesien. Die droefheid van Hiskia het die HERE behaag. Die lewe word hom weer toegesê: Vyftien jaar sal God by sy dae toevoeg.

Dit sal gewigtige jare wees, want daarin sal dan val die verlossing uit die mag van Assirië.

Ook gee Jesaja een raad: Die dienare van Hiskia moet 'n vyekoek op die sweer sit. Dit was maar 'n eenvoudige middel, vir kwaadaardige geswelle seker nie doeltreffend nie. Maar deur die seën van die HERE sou dit in hierdie geval nie teleurstel nie.

Verbysterd deur die plotselinge verandering vra Hiskia om 'n teken. Hy kry dit. 'n Teken kan gevra word uit geloof of uit ongeloof. Hiskia vra dit tot steun vir sy geloof. Hy kry dan ook 'n teken wat terstond verskyn; 'n teken op kort termyn (sien by 19:29 en v.). Wat in Jesaja nie staan nie, word in Konings daarby gesê, nl. dat Hiskia 'n keuse kan doen uit twee tekens, of beter gesê, uit twee maniere waarop een teken hom kan vertoon. Jesaja vra vir hom: "Moet die skaduwee tien grade vooruit gaan of moet dit tien grade agteruit gaan?" "Agteruit", is die antwoord van Hiskia. Dit ag hy vir 'n groter wonder as om vooruit te gaan of te daal. Dit het toe oombliklik gebeur.

Die teken wat Hiskia kry, het betrekking op die beweging, die verplasing van skaduwee. Namate die son styg, word die skaduwees van huise en bome korter. Namate die son sy baan vervolg, verander die skaduwees van rigting. In die aand word die skaduwees lank. Van hierdie feit word gebruik gemaak by die vervaardiging van sonnewysers. Hoewel sonnewysers in die ou Ooste bekend was, is dit tog in ons geskiedenis nie nodig om aan 'n sonnewyser te dink nie. Die vertalers van ons teks het wél aan 'n sonnewyser gedink en die woord ingevoeg, skuinsgedruk, om daarmee te kenne te gee dat die oorspronklike teks dit nie

het nie.

Blykens vers 11 het die skaduwee op die tydstip dat Jesaja en Hiskia praat, die beweging, die verskuiwing gemaak van daal. Hierdie verskuiwing is sigbaar, waarneembaar in "grade", wat getel kan word. Nou beteken die woord wat hier met "grade" vertaal word, anders altyd trappe of trede. Ons vind dit in hierdie betekenis, bv. in die uitdrukking: Trappe van 'n altaar (Ex. 20:26), van 'n troon (I Kon. 10:19), van 'n poort (Eseg. 40:6). Alleen in ons geskiedenis word die woord met "grade" weergegee. Dit pas natuurlik by die gedagte aan 'n sonnewyser en het 'n tradisionele opvatting geword. As ons egter nie aan 'n sonnewyser dink nie, verval die rede om met "grade" te vertaal. In vers 11 staan dan dat "die skaduwee op die trappe van Agas gedaal het". Dit kan 'n trap wees wat Agas laat bou het aan die paleis. Die skaduwee wat op die trap, op die trappe van die trap, val, moet deur 'n voorwerp daarop gewerp word. Dit kan 'n voorwerp wees wat opsetlik aangebring is, bv. 'n pilaar wat so opgerig is dat die verskuiwende skaduwee die voortgang van die tyd aandui. Dit kan ook 'n willekeurige voorwerp wees, bv. 'n paleismuur of 'n paleistoring wat se skaduwee juis op die trap val. Om die voorstelling lewendig te maak, dink ons dat Hiskia vanaf sy siekbed die trap kon sien en opgemerk het — siek mense wat stil lê, merk sulke dinge op! — dat die skaduwee op die trap langzaam verskuif het van trede tot trede.

Nou sal die skaduwee "daal", laer kom, as dit korter word, dus as die son styg! En dit is, volgens vers 11, die skaduwee besig om te doen. Die voorval van ons geskiedenis vind dus plaas in die more.

Nou sê Hiskia: "Dit is maklik vir die skaduwee om tien grade te daal". Dit sal die skaduwee vanself doen, al is dit dan nie plotseling nie, maar langzaam. Daarom wil hy hê dat die skaduwee weer teruggaan. Dit sou 'n baie vreemder verskynsel wees. En God het dit laat gebeur!

Hierdie vreemde verskynsel beteken dat die voorts kryding van die dag vertraag word, dat die dag verleng word.

Sommige dink dat hierdie verskynsel maar "straalbreking" was of 'n "sonsverduistering". Maar dit gee geen verlenging van die dag nie. Volgens ons Copernikaanse sienswyse kon dit alleen gebeur deur teruggang van die aarde in haar wenteling om haarself of, om die taal van die daaglikse lewe te praat, deur teruggang van die son. Ons het hier 'n dergelike wonder as in Jos. 10 — dus met 'n baie groot wonder. Maar so was dit ook bedoel! As 'n teken! As 'n wonderteken.

In hierdie opvatting word ons gesterk deurdat latere gesante van die vorste van Babel (dus "wyse manne uit die Ooste", Matth. 2:1) na Hiskia kom om ondersoek te doen na die wonder teken wat in die land (of: op die aarde!) gebeur het. (II Kron. 32:31). Die astroloë van Babel het wel opgemerk dat daar iets baie besonders gebeur het.

Hoe die teken ook opgevat word, dit het in elk geval iets met tyd te doen. Daarom pas die teken so besonder goed by die belofte wat God aan Hiskia gee: Verlenging van sy lewe. God kan die lewe van Hiskia verleng, want ook die tyd is in sy hande en gehoorsaam sy bevel.

XVII. Die lied van Hiskia

Jesaja 38:9-20.

Hiskia het belangstelling gehad vir geleerdes en letterkundiges in sy ryk. Dit blyk uit die opskrif van Spreuke 25 tot 29, waarmee gesê word dat "manne van Hiskia" spreuke van Salomo versamel het. Hiskia het dus, wat ons sou noem, 'n "literêre kommissie" benoem om spreuke van Salomo wat nog wel bekend was, maar nie êrens opgeneem nie, te versamel. Die optrede en werksaamheid van die groot literator Jesaja was stellig nie vreemd aan hierdie letterkundige arbeid nie.

Hiskia het egter self ook letterkundige aanleg gehad. Daarvan getuig sy "Geskrif", wat baie na 'n psalm lyk en in die boek Jesaja opgeneem is. Hy het hierdie lied gemaak toe hy weer gesond was en nagedink het oor wat hy deurgemaak het in die dae van siekte en dreiging van die dood voordat Jesaja gekom het en oor sy ervaringe van blydskap nadat Jesaja met die belofte van genesing gekom het.

Hierdie lied laat ons 'n blik werp in die persoonlike geloofslewe van Hiskia. Daarbenewens moet ons ook aandag skenk aan 'n uitspraak in die boek Kronieke oor die innerlike lewe van Hiskia. Daar lees ons in II, 32:25 en 26, dit is terstond na die kort berig van vers 24 oor sy siekte en genesing: Maar Jehiskia het die weldaad wat aan hom bewys is, nie vergeld nie; want sy hart het hoogmoedig geword. Daarom was daar 'n toorn oor hom en oor Juda en Jerusalem. Maar Jehiskia het hom verootmoedig in die hoogmoedigheid van sy hart, hy en die inwoners van Jerusalem, sodat die toorn van die HERE nie oor hulle gekom het in die dae van Jehiskia nie. In die lied van Hiskia is geen trek van hoogmoedigheid van die hart te bespeure nie. Die lied getuig van sy onmiddellike reaksie. Die mededeling van Kronieke het ongetwyfeld betrekking op 'n later tyd. Sy hoogmoedigheid moet in verband gebring word met sy politieke inmenging in die Filistynse rebellies teen Assirië. Maar — en dit is weer die kenmerk van 'n waaragtige gelowige — Jehiskia het hom ook verootmoedig in die hoogmoedigheid van sy hart. 'n Kind van God kan hoogmoedig word! Maar die waaragtige kind van God sal homself ook weer verootmoedig. Hierdie tekening van die innerlike lewe van 'n gelowige laat ons dink aan die woorde van Elihoe wat in die boek Job op tree. In hfst. 36 spreek hy oor die regverdiges en die eer wat hulle ontvang. Soms egter, so sê hy, word hulle gevang in bande van ellende; dan gee God aan hulle hul dae te kenne en hul oortredinge, dat hul gedrag hoogmoedig was. As hulle luister en Hom dien, dan bring hulle hul dae deur in voorspoed. So het Hiskia gedoen en so het Hiskia ook ondervind. Maar as hulle nie luister nie, dan gaan dit verder verkeerd met hulle. Dan was hulle maar regverdiges in skyn.

Aan enkele merkwaardige trekke uit die lied van Hiskia wil ons aandag skenk.

Die eerste is dat Hiskia se smart bestaan in gemis aan gemeenskap met God en mense. Hy het gesê: "Ek sal die HERE nie sien nie, die HERE, in die land van die lewendes; ek sal die mense nie meer aanskou onder die inwoners van die wêreld nie" (vers 11). Die kombinasie van "God en mense" laat blyk dat Hiskia, as 'n vroom man, die lewe besien as 'n gemeenskap met God en mense. Dit is geheel in ooreenstemming met die gebod van die liefde wat in die Ou (Lev. 19:18; Deut. 6:4, 5) en Nuwe (Mark. 12:29-31) Testament vir ons gegee word. Hiskia se lewenshouding was ooreenkomstig die wil van God, soos Jesus dit later sou openbaar met 'n beroep op die Ou Testament. Hierin is daar geen verskil tussen Ou en Nuwe Testament nie. Wel is daar verskil tussen Ou-Testamentiese en Nieu-Testamentiese gevorderdheid in openbaring op te merke as Hiskia sê dat hy deur die dood die gemeenskap

met God sal mis. Die Nuwe Testament leer ons juis dat na die dood die gemeenskap met God skoner en inniger word (Filip. 1:23). Die voorstelling van Hiskia omtrent die lewe in die hiernamaals is baie somber — sien ook vers 18. Die lig van die Nuwe Testament was nodig om die Ou-Testamentiese voorstelling te verhelder!

Reeds tydens sy siekte het Hiskia die verlatenheid van God gevoel: "Van dag tot nag gee U my prys". Die optrede van God beskryf hy as die werk van 'n leeu: "Soos 'n leeu só verbreek Hy al my beendere". Hierdie uitspraak lei ons gedagtes na 'n uitspraak van Job wat ook gesê het: "En as my hoof hom ophef, sou U my jaag soos 'n leeu" (10:16). Die verlating van God is sowel vir Job as vir Hiskia nie net iets negatiefs nie, nie iets neutraals nie, nie net leegte nie, maar ook positief 'n gevoel van God se toorn en gramskap.

Verder wil ons wys op die beeld wat Hiskia gebruik om sy nietigheid in sy ellende te beskryf. Hy vergelyk homself met 'n weerlose swaweltjie — so het hy gepiep. Hy het gekir soos 'n duif. In hierdie lied maak Hiskia self so 'n vergelyking. Enkele jare later het Sanherib 'n swaar leer na Jerusalem gestuur. In sy inskripsies skryf hy daarvoor en sê soos ons gesien het: "Homself, Hiskia, het ek in Jerusalem ingesluit soos 'n voel in 'n kou". Dit sal wel 'n toevallige ooreenkoms wees in woordgebruik en figuurlike taal. Tog is die ooreenkoms treffend. Ons sou Hiskia kan noem "die voëltjie in Jerusalem". Maar telkens was daar vir die "voëltjie" uitkoms deur die genade van die HERE.

Juis in hierdie benoudheid het Hiskia gesê: "HERE, wees Ú my Borg!" en geweet dat God al sy sondes agter sy rug gewerp het. Dis 'n welkome aanvulling by die pleitrede van sy gebed (vers 3).

Die gedagte aan borgskap vind ons dikwels in die Ou Testament, maar dan meestal ten opsigte van die verhouding tussen mense onderling op siviele gebied soos by skulde (Spr. 6:1; 11:15; 17:18; 20:16; 22:26; 27:13); 'n enkele maal om vir iemand se lewe in te staan, soos Juda vir Benjamin (Gen. 43:9), Selde kom dit voor dat 'n vrome bid dat God sy borg moet wees. Behalwe in Ps. 119:122 vind ons dit alleen hier by Hiskia en in die mond van Job (17:3). Verder is daar ook hierdie ooreenkoms tussen Job en Hiskia dat hulle vra dat God Borg moet- wees vir die bidder by Homself.

Ons het nou drie keer opgemerk dat daar ooreenkoms van gedagtes is tussen Hiskia en Job. Die opmerking dat regverdiges hoogmoedig kan word, maar dat ware regverdiges hulle ook weer verootmoedig onder die straffende hand van God. Dan is die ervaring van verlatenheid van God nie net as iets negatiefs nie, maar as 'n optrede van God so grimmig as 'n leeu. En ten laaste die bede om God as Borg by God te hê. Die tyd waarin die boek Job geskryf is, is baie moeilik om vas te stel. Met behulp van hierdie drie dinge kan ons ook nie tot sekerheid kom in hierdie kwessie nie. Tog kan ons opmerk dat in die tyd van Hiskia en Jesaja soortgelyke gedagtes uitgespreek is as in die boek Job. Wat die geestelike sfeer, wat die gedagteklimaat betref, pas die boek Job in die tyd van Hiskia. En in 'n tyd van literêre oplewing kan 'n boek soos die boek Job ook verwag word.

XVIII. Die gesante van Merodag Baladan

II Konings 20:12-21.

Die koning van Babel het gehoor dat koning Hiskia siek was en gesond geword het. Kommunikasie-middele in die ou Ooste was aan die een kant wel traag en gebrekkig, maar aan die ander kant was daar wel baie verkeer tussen die verskillende lande, handelsverkeer (vgl. Eseg. 27) en ook militêre verkeer. Karavaanreisigers het vertel van wat hulle op hulle togte gesien en gehoor het en so het, min of meer toevallig, die berig van die siekte en genesing van Hiskia tot in Babel deurgedring. Ook die koning kom dit ter ore. Gretig maak hy daarvan 'n aanleiding om kontak met Hiskia op te neem. Hy stuur 'n brief en 'n geskenk aan Hiskia. Hierdie brief en geskenk is natuurlik deur manne gebring. As Jesaja hom Straks met hierdie saak gaan bemoei, spreek hy ook maar net van "manne wat gekom het". Tog was hulle maar nie net oorbringers of boodskappers nie. In die vervolg lees ons dat Hiskia na hulle geluister het en hulle sy hele skathuis laat sien het, die silwer en die goud en die speserye en die kosbare olie en sy wapenhuis en alles wat in sy skatkamers te vinde was; daar was niks in sy huis of in sy hele ryk wat Hiskia hulle nie laat sien het nie. Hier het meer agter gestek as 'n gewone attensiebesoekie! Die manne was verneme manne sodat ons, hoewel die Bybel self die uitdrukking nie gebruik nie, kan spreek van die gesante van Berodag Baladan of soos in Jesaja staan: Merodag Baladan. Die laaste is ook die naam waaronder hy in die profane geskiedenis bekend staan. (Die twee lip-letters b en m kan maklik verwissel word).

Oor Merodag Baladan en sy bedrywighede op politieke gebied het ons reeds gespreek. Hy was 'n geswore vyand van Assirië. Twee keer het hy daarin geslaag om koning van Babel te word. Die eerste keer van 721 tot 710. Nadat hy deur Sargon verjaag is, het hy onder Sanherib weer kans gesien om die troon van Babel te bemagtig (703); dog slegs vir 'n kort tydjie. Aangesien ons die siekte van Hiskia in 714 plaas, het Merodag Baladan sy gesante gestuur gedurende sy twaalfjarige heerskappy oor Babel.

Die koms van hierdie gesantskap was van 'n diplomatieke karakter: Vorste wens mekaar geluk in voorspoed en toon meelewe in teenspoed. Tussen die reëls deur kan ons egter van bybedoelings lees. Hiskia het na hulle "geluister"! Daar was dus 'n spesiale opdrag. En waarom het Hiskia alles laat sien aan sy gaste? Dat dit verkeerd was, word in die verhaal nie gesê nie. Maar daar kom die profeet Jesaja! En hy kom met 'n woord van die HERE! (vers 16). Die gesprek wat hulle het, is ietwat gewronge: Die profeet keur af wat die koning gedoen het en die koning vind dit onaangenaam dat die profeet hom met sy staatsake bemoei! Jesaja begin met 'n ondersoekende vraag: "Wat het hierdie manne gesê?" "Gesê". Jesaja kom nie om die geskenk te bekyk nie. Sy besware gaan teen die gesprekke en teen wat miskien in die brief gestaan het! "En waarvandaan het hulle na u gekom?"

Met groot vrymoedigheid tree die profeet teenoor die koning op. Hy stel sy vrae nie omdat hy die dinge nie geweet het nie. Die HERE het hom mos gestuur! Jesaja vra dit met verwyte en afkeuring in sy stem, asof hy wil sê: Wat het u met sulke mense te make?

Hiskia beantwoord alleen die laaste vraag. Daaruit blyk sy onwilligheid om te antwoord. En hy gee die een antwoord omslagtig en pralerig: "Uit 'n ver land het hulle gekom, uit Babel". Dit was dus 'n belangrike besoek. Hiskia lyk daarmee vereer! Maar Jesaja sit sy ondersoek voort: "Wat het hulle in u huis gesien?" Jesaja weet wel dat hulle alles gesien het en in sy vraag lê die verwyte: Waarom het U dit alles vir hulle gewys?

Hiskia sê dat hulle alles gesien het.

Was dit verkeerd?

Dit blyk uit die woord van die HERE wat deur Jesaja gebring word: "Kyk, daar kom dae dat alles wat in jou huis is en wat jou vaders tot vandag toe opgehoop het, na Babel weggevoer sal word; daar sal niks oorbly nie!"

Maar wat was dan verkeerd?

In Kronieke staan dat Hiskia se hart hoogmoedig geword het. Ons het hierdie uitspraak reeds eerder in verband gebring met sy anti-Assiriese politiek. En die Babiloniese gesantskap het ook so 'n bedoeling gehad. Van enige afspraak tussen Hiskia en die gesante word niks gesê nie, maar Merodag Baladan en Hiskia was beide vyande van Assirië! Hiskia was bly, so staan uitdruklik in Jes. 39:2, oor die besoek en hy wou sy besoekers wys dat hyself ook iets beteken. Merodag Baladan het die vriendskap van Hiskia begeer en Hiskia was in hierdie opsig te gretig. Dit was 'n politieke gesindheid wat vir hom as 'n teokratiese koning nie veroorloof was nie. Nóg die pro-Assiriese politiek van sy vader Agas, nog die anti-Assiriese politiek van Hiskia het die HERE behaag. Die fout was nie dat hulle 'n verkeerde keuse gedoen het nie, maar net dat hulle 'n keuse gedoen het en daarby nie aan die HERE gedink het nie, op wie alleen hulle moes vertrou het. "In stil wees en vertrou bestaan julle krag!" (Jes. 30:15).

Die straf wat deur Jesaja aangekondig word, is dat al die skatte en goedere en wapens wat Hiskia so trots gewys het, na Babel gevoer sal word. Na Babel! Nie na Assirië nie, hoewel dit toe die dreigendste gevaar was. Maar na Babel, omdat Hiskia met Babel gesondig het. Die profetiese blik van Jesaja sien hier ver vooruit. Wat Merodag Baladan nie geluk het nie, sal latere Chaldeërs wel geluk: Om Assirië te verpletter en in Babel 'n lange tyd te heers. Een van die Chaldeërs was Nebukadnesar. Hy het Jerusalem leeg geplunder en verbrand. Dit het nog meer as 'n eeu geduur, maar Jesaja voorspel dit. Alles sal na Babel gaan. En Hiskia het baie gehad. Hy het buitengewoon baie rykdom besit (II Kron. 32:27-29). Dit was gawes van God. Hy het skatkamers vol silwer en goud en edelgesteentes, pakhuise vol koring, mos en olie, stalle en krale vol beeste gehad. Maar alles sou geroof word. En nog erger: Sy nakomelinge sal hofdienaars wees by die Chaldeese koning wat dit sal doen. Inderdaad het Nebukadnesar jong seuns van die koninklike geslag uit Jerusalem uitgesoek en hulle laat opvoed om te dien in die paleis van Babel (Dan. 1:3, 4).

Ons neem dus aan dat in die ontvangs van die gesante van Babel Hiskia hom onteokraties gedra het en dat in hierdie verkeerde gedrag 'n hoogmoedige trek gemeng was. Nou lees ons in II Kron. 32:31: "So ook in die geval van die vorste van Babel — wat na hom gestuur het om ondersoek te doen na die wonderteken wat in die land gebeur het — het God hom (net) verlaat om hom op die proef te stel, om te weet alles wat in sy hart was." Gee hierdie uitspraak ook lig oor Hiskia se gedrag? Alleen in die geval dat die "manne van Merodag Baladan" uit Konings dieselfde is as die "gesante" van die vorste van Babel" uit Kronieke. Dit is egter nie seker nie. Die woorde dat God Hiskia op die proef wou stel om te weet alles wat in sy hart was, wek die vermoede dat in Konings en in Kronieke van dieselfde gesantskap sprake is. God het Hiskia op die proef gestel deur die verskyning van die magtige gesante aan sy hof. En Hiskia het die proef nie deurstaan nie. God het hom verlaat! Geen vrome kan staande bly as God hom verlaat nie. So het Hiskia juis in sy hoogmoedigheid moes gevoel dat hy uit homself swak was en onstandvastig in sy taak as teokratiese koning.

Origens word in die twee Skrifplekke egter 'n taamlik verskillende omskrywing van die gesante gegee; diegene wat hulle uitstuur, word verskillend aangedui en ook die gestuurdes word anders genoem. Ook die doel van die sending is anders. In Kronieke word gesê dat hulle ondersoek kom doen na die wonderteken wat in die land gebeur het. Hierdie woorde dui

nie op die wondere genesing van Hiskia nie, maar op die wonderteken wat Jesaja gegee het, veral as ons reg is in ons vertaling: Wat "op die aarde" gebeur het (in plaas van "in die land"; beide vertalings is moontlik; vgl. bv. Gen. 4:12). Dan is die sending 'n "wetenskaplike" sending, 'n astrologiese. Van dié gedagte het ons hierbo uitgegaan by die bespreking van die wonderteken. Dan word dit moeiliker om 'n verklaring te gee van die mededeling dat Hiskia hiermee op die proef gestel is. Waarskynlik het Hiskia ook by die ontvangs van "die wetenskaplike kommissie uit Babel" te veel in die middelpunt gestaan en sy ootmoedigheid vergeet. Maar van 'n strafaankondiging in verband met die ontvangs van die besoekers lees ons in Kronieke niks. Ten slotte moet ons ook die moontlikheid ooplaai dat een gesantskap met beide opdragte belas was en dat Konings die een, Kronieke die ander opdrag vermeld.

Nadat Jesaja gespreek het, sê Hiskia: "Die woord van die HERE wat u gespreek het, is goed". Hy onderwerp hom aan die straf. Hy besef sy sonde. Hiermee toon hy sy vroomheid. Hy verootmoedig hom in die hoogmoedigheid van sy hart. Tog klink die woorde wat hy verder spreek: "As daar maar vrede en bestendigheid in my dae mag wees!" egoïsties. En hy is boonop in daardie verwagting ook nog teleur gestel. Die vreeslike tyd van die inval van Sanherib het voor die deur gestaan en 'n tiental jare later met al sy verskrikkinge gekom. Dit was betreklik. Kort voor sy dood en toe hy aan die bedreiging van Sanherib moes weerstand bied, was hy 'n gerypte man wat die sonde van hoogmoed en die les van verootmoediging geken het en in 'n volkome vertrouwe op sy God daardie spannende dae deurleef het en geseëvier het.

XIX. Teokraat en reformator

In die slotbeskouings van die boek Konings oor Hiskia word gespreek van sy magtige daade. In die slotbeskouings van die boek Kronieke word gespreek van sy vrome daade.

Hiskia was 'n magtige en vroom koning van Juda. Sy reformatoriese optrede word in Kronieke breed beskryf. Hy kan met die volste reg 'n reformator genoem word. Die boek Konings gee van die reformatoriese optrede slegs 'n kort opsomming, maar sê daarby dat hy gedoen het wat reg was in die oë van die HERE net soos sy vader Dawid gedoen het. En Dawid was dié teokratiese koning by uitnemendheid! Die woord "teokraties" is nie 'n woord wat in die Bybel self ook gebruik word. Ons gebruik die woord om die regeringsvorm van die volk Gods aan te dui. Die vorm is dat God self die koning van sy volk is en regeer deur middel van mense wat sy bevele oorbring en uitvoer. Sulke mense kan leiers wees soos Moses en Samuel; rigters of selfs konings. Maar wat hulle ook al is, hulle is organe waardeur God regeer. In dié verhouding beklee profete 'n verneme rol. Dawid het geluister na wat God hom opgedra het deur profete soos Natan en Gad. In sy koningskap is die teokratiese gedagte in eer gehou. Wanneer van Hiskia gesê word dat hy gehandel het "net soos sy vader Dawid gedoen het" dan kan ons daarom Hiskia ook 'n teokratiese koning noem. Die profeet in sy dae was Jesaja. Die kenmerk is om nie te wees soos die konings van rondom nie. Daarom was ook die ontvangs van die gesante van Babel in stryd met die teokratiese karakter van die koningskap. Dit was, vir sover ons kan sien, Hiskia se enigste fout. Tog het dit die HERE só seer mishag en het Hy dit só swaar aangereken dat die straf bestaan het in die wegvoering na Babel. Oor die voorsegging van verlossing uit die mag van Assirië heen kry Hiskia die bittere boodskap dat: tog sy goed weggevoer sal word na Babel. Die HERE wil volkomeheid, veral in sy Koninkryk. Selfs Hiskia kon dit nie volbring nie. Alleen die Messias-Koning stig die volmaakte ewige teokrasie! Dit is die koninkryk wat van die grondlegging van die wêreld af berei is vir die geseëndes van die Vader (Matth. 25:34).

Die geskiedenis van Hiskia eindig met die refrein van die stoflike: En Hiskia het ontslaap met sy vaders — dieselfde refrein, waarmee sy geskiedenis begin het.